# KERKSOEWENIER VAN NAMAKWALAND.

## A. — Algemeen.

**1. Die Landnaam.** — Namakwaland ontleen sy naam aan 'n Hottentotstam, die Namakwes, wat hul tuiste veral in die gewceste gehad het. Die eerste blankes wat hulle besoek het was Cruythof en Van Meerhof, twee dienaars van die Oos-Indiese Kompanjie, wat in 1661 deur Van Riebeek soontoe gestuur is op 'n ondersoekingsreis. Van Meerhof, wat gewoon was aan die Hottentotte van klein gestalte aan die Kaap, het die inboorlinge, wat destyds meesal rondom die Kamiesberge saamgetrek was, beskryf as halwe reuse. Teen die end van die agtiende eeu was hulle getalsterkte, sowel deur die optrede van die blankes as van die Boesmans grootliks verminder. In 1813 was daar min van hierdie mense oorgeskiet in Klein Namakwaland, behalwe die wat saamgetrek het in die nabyheid van Pella, aan die linker oewer van die Oranjerivier. Hier was toe die Namakwas, 536 in getal, die vernaamste bewoners. Hulle het geheel en al van hulle vee gelewe, en daar hul geen bedryf gehad het nie en weinige behoeftes, het hulle die meeste van hulle tyd deurgebring met geselsery onder mekaar. Hulle het onder twee kapteins Owib en sy seun Bondelswart gestaan, hoewel daar ook 'n derde, Vleermuis genoem, was. Weinige van hulle was lank. Hulle was in die reël skraal en slank en skroomvallig. Diegene wat in 1813 in die nabyheid van die Grootrivier woonagtig was het in 'n staat van onophoudelike vreesagtigheid geleef vir daardie onbedwingbare plunderaar Afrikaner, 'n Hottentot met 'n strepie Europese bloed in sy are. In 1823 het die Namakwas nog meer in getalle verminder aan die suide van die Oranjerivier — by die tyd het almal wat dit kon doen oor die rivier gevlug en was toe aan die noordekant daarvan woonagtig. Die Namakwas soos die res van hul ras, was verdeel in 'n verskeidenheid van aparte stamme wat regeer was deur 'n hoof wie se outoriteit baie beperk en wisselvallig was. Die bestaan van so 'n getal van onderverdelings ten noorde van die Oranjerivier wek die vermoede dat hulle nie uitsluitlik bestaan het uit diegene wat in staat was om die druk van die steeds naderkomende Europeane deur weeroorgaan te ontvlug nie, maar dat sommige daar opsetlik gebly het om sodoende die troppe grootvee, wat so seer deur die blankes begeer was, te behou. Die Namakwas het immer strooptogte op hul swakker bure gemaak en was skuldig aan

dade van barbaarsheid nie alleen op die Boesmans nie, maar ook op die Ovaherrero en Damara-stamme (albei Bantoe) wat ten noorde van hulle gewoon het.[1]

**2. Ontdekking van die Koperberg.** — Goewerneur Simon van der Stel word gewoonlik herdink as die verfraaier van die kolonie aan Afrika se suidpunt, omdat hy geen moeite gespaar het om Suid-Afrika te maak tot 'n land waar dit 'n lus was om te lewe. Dog hy het baie meer gedoen as om dit te verfraai — hy het ook gekoloniseer en hy was die eerste amptenaar van die Kompanjie om dit te doen. Met hierdie doel voor oë het hy half onbewus reeds kort na sy aankoms aan die Kaap 'n reis onderneem „te landewaart in'' soos dit in die ou berigte uitgedruk word. En die reis had ten gevolg die stigting van Stellenbosch (1679) waardeur 'n begin gemaak is met die kolonisasie van die land. Verdere land- en seereise is daar tydens van der Stel baie gedoen en self was hy byna 'n half jaar op reis na Namakwaland (1685) ter ontdekking van die Koperberg. Die „Dagregister en Beschrijvinge van de Voyage gedaan naar het Namaqualand, onder het beleid van den Ed. heer Simon van der Stel, Commandeur van Cabo de Bona Esperanca'' is 'n lang relaas van oor die sestig bladsye fyn druk in een van die werke deur die De Linschoten Vereeniging (1916) uitgegee. Plegstatig begin die verslag: „Saterdag zynde den 25 Augusti 1685. 's Morgens de klokke 10 uuren zyn wy in den naame des Heeren, Amen, uit het Fort de Goede Hoop met onze bagagie gemarcheert, sterk zynde, behalven d' Ed. Heer Commandeur, 56 blanke koppen.'' Die stoet het bestaan uit: 15 ossewaens, 8 karre en een koets, 200 pakosse, 13 perde, 8 muildiere, een boot en meer as honderd manskappe. In die buurte van Piketberg het 'n renoster „met een groote furie en quaadheid'' die koets van die Goewerneur aangeval. Op die 21ste Oktober word die doel van die tog bereik — die Koperberg, „alwaar,'' so word in die verslag gesê, „wy quamen aan onze gedestineerde plaats, namentlyk de Koperbergen, daar wy ons ter nedersloegen, regt voor een kloof van een der gedagte bergen, tusschen welke een fontein uit quam, zynde zeer koel en aangenaam water om te drinken.'' Ongelukkig het die ver afstand van die Kaap die kopermyne van geen nut vir die Kompanjie gemaak. Dog die ontdekkingstog het die aardrykskundige kennis van Suid-Afrika

---

[1] Vir verder uitvoerige etnologiese besonderhede omtrent die Bantoe- en ander stamme in Groot en Klein Namakwaland sien „Rapport van die Rehoboth Kommissie," deur Hoofregter Jacob de Villiers (1927) en „Genetica," Ned. Tijdschrift voor Erfelijkheids- en Afstammingsleer, Deel X (1928).

vermeerder. Van die inboorlinge in Klein Namakwaland het van der Stel inligting gekry omtrent die groot rivier, nou bekend as die Oranjerivier, en op die tog is nuwe plaasname gegee, soos byvoorbeeld: Renosterrug, Elandsvlakte, Uilenberg, ens. Die ekspediesie het presies vyf maande en een dag geduur. Onder datum 26 Januarie 1686 vermeld die Dagregister wat op die Kasteel gehou is, die terugkeer van die Goewerneur as volg. „Heden omtrent 11 uiren voormiddag seer onverwagt in goede gesontheyt (God lof) met sijn soon en 3 à 4 van sijn bijhebbende volckeren te paard ons in 't casteel verrasschen.'"[2]

In 1760 werd die Grootrivier vir die eerste maal deur blankes besoek en die volgende jaar is daar 'n vergeefse tog oor die rivier gedoen in die hoop om magtige inlandse ryke te vind. Twintig jaar later was daar al blankes woonagtig by die Kamiesberge en omtrent dieselfde tyd (1779) het twee ontdekkingsreisigers, Kaptein Gordon en Luitenant Paterson, die naam Oranjerivier aan die Grootrivier gegee ter ere van die Prins van Oranje.

**3. Baanbrekers van die Sending in Namakwaland.**—Namakwaland is van vroeë tyd 'n begeerde bodem vir kristelike sendingarbeid gewees. Nou val wel hierdie rubriek eintlik nie binne die bestek van die hierdie gedenkboek, wat oor die geskiedenis van die plaaslike Ned. Ger. Gemeente handel nie, aangesien die sendingwerk in die geweste van ander genootskappe uitgaan. Tog voel ons, hier moet een en ander genoem word, al was dit maar, weens gebrek aan ruimte, net die name van die eerste sendelinge en hul stasies, terwyl ons vir vollediger beskrywings in hierdie verband verwys na bronne wat ons sal noem.

Die baanbreker op die gebied van die sending in Klein Namakwaland was Eerw. Johannes Seidenfaden van die Londense Genootskap wat in 1805, saam met andere sendelinge uit Europa gekom het en in 1808 in die Kamiesberge onder die inboorlinge gewerk het. Sy kollega, Eerw. Christiaan Albrecht, wie se eerste sendingstasie aan die Warmbad, ten noorde van die Oranjerivier deur die Hottentotte in 1811 verwoes is, het kort daarop die sendingstasie Pella suid van die rivier, gestig (en dit so genoem na Pella in Palestina, wat die toevlugsoord was van die kristene gedurende die periode van die beleg van

[2] Die volledige teks van hierdie „Dagregister en Beschrijvinge" is opgeneem in „Reizen in Zuid-Afrika" onder redaksie van Dr. E. C. Godie Molsbergen, 1ste Deel (1916).

Jerusalem deur Titus in 70 N.K.). Sedert 1873 word Pella deur die Roomse Kerk bearbei.

In 1816 het Eerw. Barnabas Shaw van die Wesleyaanse Genootskap, die sendingstasie Leliefontein gestig. Onder sy opvolgers was Eerww. E. Edwards en J. Bailie, en van laasgenoemde se dogters is één met Ds. Charles Murray en 'n ander met Ds. A. D. Lückhoff, Sr., getroud gewees. In 1818 het Eerw. Johan Heinrich Schmelen, 'n Duitser van geboorte, wat eweeens deur die Londense Genootskap uitgestuur was, die sendingstasie Steinkopf aangelê, waar later Eerww. Wimmer, Brecher, Kling, G. Meyer, en andere gestaan het. Gemelde Schmelen was ook in 1829 die stigter van die sendingstasie Kommaggas, waar later die Eerww. F. Weich (sedert 1845), Schroder en andere werksaam was. In 1863 is 'n aanvang gemaak met die stasie Concordia, waarvan Eerw. Kupferburger die eerste leraar was. Die Rhynse Sendinggenootskap wat in 1840 sy eerste verteenwoordiger in die persoon van Eerw. Kleinschmidt uitgestuur het na Kommaggas, het in later jare die werk van die Londense Genootskap in Namakwaland oorgeneem. Hierdie genootskap werk ook in die Richtersveld, Suidwes van die Oranjerivier. Gedurende die laaste jare het die Ned. Ger. Kerk op Garies 'n klein sendingwerksaamheid, aan die hoof waarvan Eerw. B. Frylinck staan[3], en binnekort sal die moedergemeente self 'n aanvang maak met sendingwerk in Namakwaland.

**4. Die Nama(kwa) Taal.** — Die taal van die Hottentots was vanaf die vroegste tye baie moeilik vir aanleer deur Europeane. Dr. O. Dapper sê in sy boek omtrent Suid-Afrika[4], wat in 1668 uitgegee, dit:

> „De taal der Hottentotten is voor de Europeanen verdrietig te horen, onmogelyk te leeren, en aan de Hollanders tot verder voortzetting van den Handel en uitvinding der landen zeer hinderlyk; want zy klappen met ieder woord, dat zy spreken, even als wanneer men met de vingers een knipslag maakte, zoodat haar mond als een

---

[3] Vir volledige beskywinge van die Sendingwerksaamhede in Klein Namakwaland word verwys na „Shaw's Memorials of South Africa" (1841), „Moffat's Missionary Labours" (1842), „A History of Christian Missions in South Africa" deur Prof. J. du Plessis (1911), „Die Gemeente te Steinkopf" deur Eerw. G. Meyer (1927).

[4] Die tietel van die boek is *Naukerige Beschrijvinge der Afrikaense Gewesten*, wat vertroubare informasie bevat.

klap of zweep gaat, omdat zy met de tong overluid slaan, en ieder woord byna een slag is.''

Pieter Kolben (1719) en ander reisigers het eweeens op die moeilikheid van aanleer van die taal gewys. Aan die sendelinge van die Rynse Sendinggenootskap kom egter die eer toe dat hulle deur aanhoudende inspanning al die moeilikhede te bowe gekom het, sodat van al die dialekte van die Hottentotstamme die Nama(kwa) taal die beste bestudeer is. Eerw. J. H. Schmelen van Steinkopf het die vier Evangelies in die Namakwa-Hottentot taal oorgesit en dit omstreeks 1820 in Kaapstad in druk uitgegee. Later Rynse sendelinge het ander dele van die Bybel in die taal oorgesit, en nog andere het Nama leer- en leesboeke uitgegee, terwyl Eerw. H. Tindall van die Wesleyaanse genootskap, wat in Groot Namakwaland gearbei het uitgegee het „A Grammar and Vocabulary of the Namaqua-Hottentot Languages'' (1857). Die taal het uit Klein Namakwaland so te sê verdwyn dog word nog deur die Namakwanasie in Suidwes gepraat.

5. **Ou Plaasname.** — Daar is in Namakwaland baie ou plaasname, sommige waarvan nog uit die Hottentotse periode dagteken en kenmerkende gebeurtenisse het. Hier is 'n paar:

*Spektakel,* waar daar 'n indrukwekkende gesig na die seekant te sien is, wat volgens die oorlewering Simon van der Stel op sy reis na die Koperberge sou genoop het om uit te roep: Wat 'n spektakel (gesig)! By *Hondeklipbaai* is 'n rotsformasie wat soos 'n hond se kop lyk — vandaar die naam. *Port Nolloth* herinner aan 'n lid van die Britse vloot wat die plek besoek het en na wie dit genoem is. *Springbokfontein* is 'n vertaling van 'n Nama-woord wat aandui dat die springbokke gewoon was daar by 'n fontein te kom water suip. *Groot Mis,* waar daar dikwels 'n groot mistige weer op die Buffelsrivier waar te neem is. *Kamieskroon* is nou die naam van die vroeëre Oest of Ouest wat 'n verbastering was van 'n Namawoord. *Bowesdorp,* vroeër Bowe's Ville, wat so heet na 'n Engelsman wat in die omtrek gewoon het. *Nababib* beteken giraf of soos die Namakwalanders sê, vlamkameel. *Garies* beteken volgens sommige „kweek,'' en volgens andere „volop melk.'' *Mesklip,* die plek waar in die ou tyd die Boesman gewoon was sy mes op die klip skerp te maak. *Soebatsfontein,* waar volgens die oorlewering 'n paar Hollanders in die dae van Olim om hulle lewe gesoebat het, dog die Boesmans het geen genade geken nie. Die volgende is ook ou Hottentotname: *Namies, Ookiep, Nigramoep, Annenous, Brabies.*

6. **Vroegste Skoolonderwys.** — Insake blanke skoolonderwys moet dit gedurende die beginjare van Europese okkupasie

in Namakwaland erbarmlik gestel gewees het. Dit kon ook weens die skaarste van onderwysers, die uitgestrektheid van die wêreld en die dunheid van die bevolking nie anders gewees het nie. Tog vind ons dat daar reeds in 1824 'n skoolmeester, genoem C. Martin, werksaam was. Die reisiger, George Thompson het hom in gemelde jaar aangetref op die plaas Rietfontein van sekere Dirk Beukes. Martin, 'n Engelsman van geboorte het aan Thompson vertel hoe hy in 1777 die reisiger Patterson deur die Kolonie vergesel het en byna sy hele lewe lank skoolmeester op boerplase was. Hy was toe reeds twee-en-sewentig jaar oud en kon byna nie meer sy eie moedertaal praat nie. Saam met hom op Rietfontein was as Duitse sendeling werksaam M. Wimmer, wat toe ook al hoog bejaard was. Thompson skryf van sy ontmoeting met die twee manne dit:

> „Ik bragt een' aangenamen avond door met het onderhoud dezer oude mannen, en met hunne berigten aan te hooren over des lands oorspronkelijke stammen, en over de veranderingen, die er binnen het tijdvak hunner herinnering met dezelve plaats hadden gegrepen."[5]

Martin moes eweas sy opvolger, J. C. Mulder, 'n rondreisende onderwyser gewees het. Omtrent die werk van Mulder kom daar in die „Statistical Register" van die jaar 1844 die volgende aantekening voor:

> „Mr. Mulder proceeds from farm to farm to teach the children of the Residents of the thinly-peopled District of Namaqualand where a fixed school cannot be established. In addition to the allowance from Government, the Teacher receives fees from the Parents of the children taught, or an equivalent in flour, sheep and other provisions. The attendance during the year has diminished. Instruction is given in the Dutch language only."[6]

Uit die opgawes blyk dat Mulder se goewernementssalaris £22 10 0 jaarliks was. Dit word gemeld dat die getal kinders wat onderwys ontvang het dertien was, tien seuns en drie dogters, maar die „amounts of fees was unknown." Mens is nuuskierig om te weet hoeveel dit was. Hoeveel meel, skape en koffie en suiker die arm skoolmeester ontvang het as gedeeltelike salaris word ook nie gemeld nie.

7. **Voortrekker-familielies in Namakwaland.** — Uit die beskrywinge van vername reisigers wat Suid-Afrika besoek het

---

[5] G. Thompson. *Reizen in Zuid-Afrika,* II pag. 77.

[6] Cape of Good Hope, Educational Return for 1844.

blyk dat reeds in die agtiende eeu 'n aansienlike getal Europese families hulle anderkant die Olifantsrivier in die Hantamse en Namakwalandse distrikte ter woon neergeset het. Onder die name wat genoem word kom die volgende families voor:

Steenkamp, van Wyk, Strauss, van Zyl, Mostert, van der Merwe, Engelbrecht, Dreyer, Beukes, van Reenen, Nel, van der Heever, Coetzee, Gagiano, Esterhuizen, en onder die ou reisigers wat hierdie dele besoek en interessante informasie omtrent plaaslike omstandighede gee kan genoem word: Kaptein Hendrik Hop (1761), Wikar (1775), F. le Vaillant (1783), H. Lichtenstein (1803—1806), W. Burchell (1811), J. Campbell (1815), G. Thompson (1827). Lichtenstein veral gee hoog op van die edel karaktertrekke en beskaafde lewenswyse van die mense in die geweste. Hy het hulle nie hoor vloek nie; hulle was waarlik godsdienstig; het in liefde en vrede met mekaar saamgewoon; hulle was gasvry teenoor vreemdelinge en van mekaar was daar agter die rug nie skinderpraatjies nie.

'n Ander reisiger, hoewel van baie later tyd was die Eerw. Teologiese Kandidaat, P. D. M. Huët, 'n gebore Hollander, wat later die bekende Ds. Huët van ons Kerk in Natal was en 'n sonderlinge loopbaan gehad het. Hy het in 1854 'n uitgebreide reis deur Namakwaland gemaak en sekere beweerde mishandeling van 'n Hottentot openbaar gemaak, wat aanleiding gegee het tot 'n hofsaak, en 'n sterk gevoel van die kant van die blankes teen Huët. Tog het die openbaarmaking sy nut gehad.

**8. Heldhaftige Boervroue in Namakwaland.** — Sommige van die voorgenoemde reisigers in Suid-Afrika vermeld enige name van die eerste Boerfamilies in hierdie geweste en gee voorbeelde van Boervroue wat baie heldhaftig was. Ons laat hier volg enige besonderhede omtrent 'n paar van hulle uit die reisbeskrywinge geneem:

1. *Mev. Cornelis van der Westhuizen* van Klipvallei in die Kamiesberge, gebore Claudina Engelbrecht, word veral deur die reisiger le Vaillant (1784) beskryf as die ware baas op die plaas — haar man het glad niks te sê gehad nie. Toe Campbell in 1815 daar aankom was sy 'n ryk weduwee, wat onder andere 'n menigte slawe gehad het wat dit goed by haar gehad het hoewel dit haar gewoonte was „om wanneer iemand van haar volk zich niet wel gedroeg, hem veertig slagen min een te laten geven." Campbell het haar vertel wat le Vaillant omtrent haar in sy boek geskryf het, waarop sy gevra het „of hij daarin gemeld had dat zij hem eens een duchtig pak slagen met de sambok had gegeven, omdat hij zich onvoegsaam tegen hare dogters had uitgedrukt." Dit het die Fransman egter verswyg.

Campbell sê Mev. van der Westhuizen was toe nog „eene sterke vrouw, ofschoon vijf-en-zeventig jaren oud, heeft het gesigt op alles en toont de meesteres te zijn.''[7]

2. *Die Famielie Lier* het ook in die omtrek gewoon. Campbell skryf: „Deze man (Jan Joost Lier) heeft tien dochters welke reeds allen gehuwd zijn. Hij en ook zijne vrouw zagen er noch zoo jeugdig uit, alsof geen van beide ouder dan veertig jaren ware. De boer en zijne vrouw behandelden ons reizigers zeer vriendelijk en lieten overvloed van melk, boter en brood aanbrengen'' — die ou bekende Afrikaanse gasvryheid. Dog ook hier skyn die vrou baas te gewees het — waar is sy dit nie? Campbell skryf: „De vrouw van den huize zat in het midden van hare woning met een langen stok in hare handen, gevende hare bevelen in den toon van een Veldoverste, en deze werden ook telkens oogenblikkelijk gehoorzaamd.''[8]

3. Hier is nog één geval van 'n Namakwalandse vrou wat regentes was op die plaas Elleboogsfontein, van *Tante Kaatjie van den Heever.* Sy word genoem in die boek van Barnabas Shaw, die eerste Wesleyaanse sendeling op Leliefontein en Ds. W. J. Conradie beskryf haar geval as volg: „Tante Kaatje moest ontzagelijk dik geweest zijn. Ze bestierde hare boerdery uit een ruwe leuningstoel. Zij had altoos enige stevige latten en haakkieries gereed, en menig Hottentot die uit die spoor trapte moest voorbijkomen, en ondervinden dat Ou Nooi een reuze kracht in haar armen had, hoewel de benen het lichaam niet dragen konden. Op een van de leuningen was een bakje van geslagen ijzer ingelaten, waar die lieve oude tante de mergbenen uitstampte, die zoo bevordelik voor haar wasdom waren.''[9] In die tyd van Ds. Conradie het die ou leuningstoel aan Mev. Kotze van Grootmis behoort.

**9. Feite omtrent Namakwaland.**[10] — Namakwaland behoort tot die Noordwestelike Kaap-afdeling van die Unie. Die hele distrik beslaan 'n oppervlakte van 17,556 vierkante myl.

Die Europese bevolking van die distrik is 3,419 manlike en 3,051 vroulike persone, totaal 6,470 — 'n vermeerdering van 336 op die vorige sensus (1921).

---

[7] Onderzoekingén in Zuid-Afrika, deur J. Campbell (1817), pag. 261.

[8] Idem, pag. 259.

[9] Ondervindingen van een jonge predikant in Namakwaland, pag. 27.

[10] Ontleen aan die Sensus-opgawes van 1926.

Van die totale bevolking van Namakwaland tel drie-vierdes kleurlinge. Hulle getal moet omtrent 15,000 wees, waarvan omtrent driekwart op die sendinginstitute woon.

Van die Europese bevolking het 65.73 persent hulle opgegee as Afrikaanssprekend en 3.00 persent as Engelssprekende, terwyl 31.27 persent albei die landstale kan praat.

In die Namakwalandse magistraatsdistrik behoort 5,540 Europeane tot die Ned. Gereformeerde, 258 tot die Anglikaanse en 292 tot die Roomse Kerk, en 115 tot die Joodse gemeenskap.

Die Namakwalandse kiesafdeling sluit in gedeeltes van Van Rhynsdorp en Kenhardt, en het 'n totale Europese bevolking van 14,628, waarvan omtrent 3,700 stemgeregtigde kiesers is.

Namakwaland verskil in baie opsigte van ander distrikte in die Kaapprovinsie en onder andere ook hierin dat dit nog duisende en duisende morge Kroongrond, onbewerk en onbewoon, besit. In die laaste jare het die Regering baie verstandig gehandel deur 'n menigte van die Kroongronde van die hand te sit, waardeur aan die landsontwikkeling, veral in Boesmanland, 'n verbasende stoot vooruit gegee is. Groot gebiede is as sendinginstitute, waarvan daar ses is, aan die kleurlinge, basters en Hottentotte voorbehou, altesame 1,221,000 morge.

10. **Eerste Parlementslede en Staatsamptenare.** — Namakwaland se eerste parlementslid was net soos die teenswoordige een 'n predikant—Rev. A. J. Tancred, D.D., LL.D. Hy skyn nie 'n gemeente in Suid-Afrika bedien te hê nie. Hy het egter probeer om 'n Oxford-Kollege op Grahamstad te stig, wat hom ewemin as sy boerdery in dieselfde distrik geluk het. Toe in 1854 verteenwoordigende regering ingevoer is, is hy gekies as een van die lede vir Clanwilliam, waaronder Namakwaland destyds geval het. Sy medelid was Advokaat J. H. Brand, LL.D., wat later President Brand van die Vrystaat geword het. Dr. Tancred was 'n welsprekende redenaar, dog het baie moeite in die Parlement gegee en is meer as eens om sy sonderlike gedrag gesuspendeer. Een ding is egter seker, hy het altyd baie vurig vir die belange van die Koloniste opgekom * en is in 1866 oorlede. In 1865 is Namakwaland 'n aparte Kiesafdeling gemaak, waarop W. Foster en M. Blake as verteenwoordigers gekies is. Toe in 1872 verantwoordelike bestuur ingevoer is, is as lede vir die Laerhuis gekies J. R. Ross en R. Torbett.

* Soos b.v. blyk uit sy gepubliseerde „Letters to Sir Peregrine Maitland, Governor of the Colony of the Cape of Good Hope, on the present Kafir War," uitgegee in 1846, in die vorm van twee brosjures.

Toe in 1856 Namakwaland as 'n fiskale afdeling verklaar is, is Mnr. Josias C. Rivers, as eerste Siviele Kommissaris en Resident Magistraat op Springbok protem aangestel, met W. H. Auret as eerste Klerk. J. C. Muller was toe die goewerments-onderwyser en Dr. J. R. Adams die distriks-dokter. Rev. H. Whitehead was die eerste Episkapoolse leraar op Springbokfontein en Rev. G. Robson die eerste Wesleyaanse predikant op Ookiep.

**11. Minerale Rykdom.** — Namakwaland was altyd bekend as een van die afgeleë en armoedigste dele van ons land. Agteraf blyk dit een van die rykste, tenminste wat minerale en by name diamante betref. Dis bekend dat die aanwesigheid van kopererts in Namakwaland waarskynlik al bekend was vanaf die eerste dae van kolonisasie, en gedurende die bestuur van Goewerneur Simon van der Stel skyn vrugtelose pogings gemaak te wees om voordeel uit die ontdekking te trek. Die eerste verskeping van kopererts het in 1852 plaasgevind, en is van Springbokfontein in Namakwaland uitgegaan. Die finansiële sukses van die koperontginning in Namakwaland blyk spesiaal uit die feit dat een van die plaaslike maatskappye tussen 1864 en 1915 nie minder as £4,675,450 aan sy aandeelhouers uitbetaal het, terwyl 'n andereen tot op 1916 diwidente uitbetaal het wat gelykstaan met 438¾ persent van die uitgeskrewe kapitaal.

In die laaste jare is alluwiale diamante in ongekende en belangrike hoeveelhede gevind te Alexanderbaai, noord van Port Nolloth en te Klein Zee by Grootmis. Verder ontdekkings skyn te wys op 'n ryk alluwiale diamantveld, lopende van die mond van die Oranjerivier suidwaarts langs die Kaapse kus oor 'n enorme afstand. Hierdie diamante verskil van alle andere wat in Suid-Afrika gevind word, en hulle behoort tot 'n totnogtoe onbekende formasie.

Op verskillende plekke in die distrik is ook die volgende minerale gevind: goud , mangaan, molybdum, tungsten, en marmer. Deur al hierdie ontdekkings is die aandag op Namakwaland op sodanige wyse bepaal dat daar rede is om te verwag dat die inwoners daardeur baie baat sal vind.

**12. Afrikaanse Spreekwyse in Namakwaland.** — Hiermee word bedoel die eienaardige manier van stelling en uitdrukking wat ons boeremense in Namakwaland kenmerk. Weliswaar het ons nog nie, al word die Afrikaanse taal van die Kaap tot die Sambesie gepraat, afsonderlike dialekte soos dit die geval is in Nederland en Engeland nie; maar daar bestaan tog plaaslike en gewestelike eienaardighede in die spraakgebruik. Dis dan ook genoegsaam bekend dat daar in verskillende dele van Suid-

Afrika 'n aanmerklike onderskeid te bespeur is in uitspraak, woordekeus en segswyse. In Namakwaland is dit op 'n besondere wyse die geval, of miskien moes ons liewers sê *was* dit nog die geval omtrent dertig jaar gelede, soos blyk uit sekere aantekeninge wat wyle Ds. W. J. Conradie, destyds predikant in Namakwaland, onder die skuilnaam „Namaqua'' in *De Volksbode* gepubliseer het en wat ons hier onder oorneem. Die skrywer vertel dat hy dit gedoen het „op verzoek van een taalkundigen vriend,'' ek dink dit was wyle Dr. W. J. Viljoen, en in die hoop „dat deze geringe bijdrage minder onwillige pennen dan de zijne in beweging zal brengen om onze musikale Afrikaanse taal op den vorgrond te brengen.'' Ek hou my oortuig dat hierdie interessante mededelinge van blywende waarde vir die taalstudie is. Ds. Conradie noem die Namakwalandse uitdrukkinge „schoone paarlen, die nog eenmaal in de geschriften van onze Afrikaansche dichters zullen schitteren met eene heerlijkheid, waarover het nageslacht verwonderd staan zal.'' Hier volg die stuk:

„Wij beginnen met de *jaargetijden*. Het woordje *zomer* is reeds lang in de vergetelheid weggezonken. Wij gebruiken in de plaats daarvan de benaming *droëntijd*, want het is in den zomer bij ons uitnemend droog. Boeren die plaatsen bezitten waar het geregeld regent, hebben over het algemeen ook het woord *winter* overboord geworpen, en aan twee andere passagiers een permanent reiskaartje toegekend. Zij heeten *ploegtijd* en *blomtijd*. De minder bevoorrechte landeigenaars zitten echter noch met *winter* in de verlegenheid. *Droëntijd* en *blomtijd* beschrijven u in het kort den toestand van dit land. Heden, een land vloeiende van melk en honig, en morgen, een huilende wildernis. Deze twee jeugdige plaatsvervangers van zomer en winter, zeggen dus veel meer dan die afgeleefde grijsaards.

Vraagt gij van wanneer af de nieuwigheden alhier ingesleept zijn, dan antwoordt Piet, die blijde is met u in een *disprek* te komen, dat het van *hoeka* af het geval moest geweest zijn, want toen hij *zij lijf kom krij*, toen hoorde hij maar de menschen *al jimmers* van *droëntijd* en *blomtijd* spreken. Het lieflijke woordje *hoeka* hebben zij van de Hottentots overgenomen, alsook de gewoonte om hun vader *tata* te noemen en hun grootvader *outa*. Ik dink pa pa en oupa zullen dezen laatsten echter spoedig verdringen.

Aan de Hottentots hebben wij ook het woord *mako's* te danken. Dit is een korte dikke zweep waarmee wij de *traagzinnige* achterpaarden uitkloppen.

Komt gij *voor die middag* bij een *werf* (tijdelijk verblijf in het uitlegveld) dan hoort gij misscien: Vrouw dit is al bijna tien uur, wanneer maakt jij dan *ag-uur?* Men begint echter ook reeds van een *brekvissie* te spreken, maar *ag-uur* zal hem elken duim gronds betwisten.

Vertrekt gij in den namiddag, dan groet men u en zegt: *„Achtermiddag neef, van harte gezondheid," „Middag, neef, vansgelijke."* Een kind staat daarbij en zegt: „Die oom is dom, dit is al *achtermiddag* en hy sê nog middag." Gij kiest het *sawrige* pad, want het zandpad is te zwaar, en de bergpaden zijn te scherp voor de paarden. Gij zult vandag nog *moet kar rij* om Uilklip te bereiken, ten einde van avond een *thuiste* te kry. Daar moet gij uwe paarden *knieband,* want Willem heeft kaf maar geen *toevoer.* In het spel en leesboekje lezen wij: Ho, ha, de as is af. Wij zeggen hier: die as is *breek* en zoo kon ik ook bijna mij nek *breek geval* het. Of weer: Zoo gaat dit, mij fijnvee is al *opgedood.* By die vandisie van die *breekschip* (wrak) het ik *vasgekoop,* ik ben buitendien maar een *onbehoeftige* man, daarom smaakt het mij, *deus jaar is ik klaargeloop.* Want ik het al weer een *bietjie schade gelij.* Ik moet dan ook maar *vrede wees;* want het spreekwoord zegt „waar *is* moet *af."* Is *klaargekoop* niet fraaier en meer verstaanbaar dan insolvent? En *opgedood* — schildert dit leelijk woord niet een vlakte voor uw oog, bedekt met de krengen van schapen en bokken, die reeds tot ontbinding overgaan? Dus bij een afzichtelijk tafereel past een woord dat u eene koude rilling door de leden jaagt. Het is niet eene gemakkelijke taak u aan het gebruik van het woord *opdood* te gewennen. Doch er zijn semitische termen die nog vreeslijker klinken, en toch zwellen onze wangen van hoogmoed, als wij ze voor een ongeletterd gehoor kunnen uitflappen.

Er zijn echter uitdrukkingen waraan ik mij nimmer zal kunnen gewennen; en ik hoop van harte dat andere streken van Zuid-Afrika daarmee nog niet besmet zijn. De wanstaltige volzin: *„Hij* lacht *hier* uit" met een alles verpletterenden klemtoon op het misselijke „hier" spant de kroon over deze afgrijslijke uitdrukkingen. Gij zult het mij toestemmen dat zinnen zooals „dood-lat hij dood is; jij schoor mos nu" (dwars drijven tegen) en „die klip wat ik daar *staan* gemaakt het, *zit* nog net zoo," nog een zweem van zelf respekt behouden hebben in vergelijking met dat akelig gedrocht. De betekenis is eenvoudig, lekker, hartelijk lachen.

Men hoort hier dat eene dame die vriendelijk is jegens

allen, een mooie *manierentijd* heeft. Daarentegen heeft die man „een *soortegeit* waar ik nie mee kan klaar kom." Die geleerde lezer zal zeggen eene zonderling geaardheid.

De rijpaarden loopen allen een *strijk* of *streek*. Dit is een gemakkelijke gang tusschen een pas en een trippel. Van een *trippelaar* heb ik hier nog nooit gehoord; wel van een *strijkloper*. Groote klippen die het voorrecht genieten zich gedeeltelijk boven de oppervlakte van de aarde vertoonen, of langs de zijden van een berg zichtbaar zijn, moeten zig met den naam *platklip* vergenoegen. De Paarlsche klippen, bijvoorbeeld, noemen wij platklippen. In andere distrikten spreekt men van een klipplaat, maar hier is het omgekeerd. Zoo ook zal men u vertellen dat de „rambokken" vet zijn maar de „schaaprammen" mager. *Hier* is dichtbij, *daar* is verder af en *dauer* is nog verder.

*Grootkerk* of eenvoudig *kerk* beteekent „nachtmaal." De gemeente stond vele jaren onder een konsulent, die eenmaal in ses of agt maanden rondging om op verschillende middenpunten kerk te houden. Nachtmaal was er altoos mee verbonden. Men kan dus niet verstaan dat een Zondagskerk ook iets beteekent: het is maar een *oefening*. De leraar moet dikwijls hooren: „Ik kom naar elke kerk," terwijl hij den spreker slechts bij gelegenheid van het Avondmaal ziet.

Ik verwonderde mij dat iemand eens zoo plotseling in toorn opstoof, en moest vernemen dat hij maar altoos zoo *eerlijk* is. Ik kon dit niet verstaan, doch eindelijk werd de geheimenis van dit woord, zoo wel als van *nederig* mij bekend. Eerlijk is eergevoelig, lichtgeraakt. Als gij op een leugen of zoo iets betrapt wordt, in het nauw gebracht wordt, verlegen zijt — of als gij te Stellenbosch moet prediken — dan zegt gij: „O ik voel zoo nederig, zoo nederig." „Oom moet vir pa een mes *geleen het*; neef moet *gekom eet* het," beteekenen niet dat de kansen voorbij zijn; neen, gij moet nu het mes geven, en gij moet nu komen eten. *Hoe* is een woord van groote beteekenis onder ons. „Mijn kind is nie *hoe* nie, maar hij is toch beter dan gisteren." „Mijn kar is ook nie *hoe* nie, maar hij is toch veel prachtiger dan die van Jim."

Nu ik heb *gecijferd* om aan het verzoek van mijn vriend te voldoen, totdat *ik kop zeer is,* maar meer uitdrukkingen kan ik niet vinden, behalve twee die my nu te binnen vallen. De eene is *moek-moek*. Wie verstaat het niet als ik zeg: „*Zoo moek-moek* ben ik met mijne flauwe

paarden de rivier doorgekomen." Nu gij zult ook zeggen, dat mijne lieveling bij zijne verscheurde kleederen en morsigheid een snerpende stem heeft en *veulniegenognie* of etcetera, zooals gij het zult uitdrukken. Ik geef toe, maar gij moet toestemmen dat de welgekleede, geleerde heer, Engelschman of Hollander, niet anders in zijn kindscheid was. *Gerusgenag,* heer Editeur, vergeet niet dat *onbehoeftig* bij ons de technische uitdrukking is voor arm, en als ik het *zeer* slecht bij iemand gehad heb, dan zeg ik: „Ik het dit een *bietjie arm* gehad bij die ou man." De klemtoon altijd op het woord, dat op *bietjie* volgt. Ik heb gepoogd slechts die woorden op te noemen die in Namaqualand alleen in zwang zijn. „Verder praat ons net soos julle in die Bôland."

Ik ben v. n. g. of enz.,

*Namaqua.*

## (B). — KERKLIK.

### I. — DIE GEMEENTE NAMAKWALAND.

**1. Eerste Aanleiding tot Afstigting.** — Die hele Namakwaland suid van die Oranjerivier het tot die middel van die vorige eeu tot die gemeente Clanwilliam behoort. Hierdie gemeente, gestig in 1826, het hom uitgestrek van die Cederbergen in die suide tot die genoemde rivier in die noorde, d.w.s. oor 'n afstand van honderde myle, waardeur dit vir die verafwonende lidmate van die kerk, in die geweste van Kamiesberg en Hardeveld haas onmoontlik was hulle kerklike voorregte op Clanwilliam te geniet. In ieder geval slegs weiniges van hulle het dit gedoen en oiigens het die leraar onder hulle dan en wan huisbesoek gaan doen en godsdiensoefeninge gehou. Dit skyn nie asof die eerste predikant van die gemeente, Dr. W. Robertson, ooit die streke besoek het nie. Hy was dan ook slegs twee jaar (1831 — 1832) daar werksaam toe hy na Swellendam verplaas is. Aan sy opvolger, Ds. E. H. F. de Roubaix, kom die eer toe dat hy die eerste Gereformeerde predikant was wat tot die verafwonendes deurgedring het. Dog sy eerste ondervindings in die verband was teleurstellend. Sy kerkraad het daaromtrent aan die Eerste Ring — soos die Ring van Kaapstad, waartoe die gemeente behoort het, destyds genoem was — as volg in 1837 gerapporteer:

> Wij moeten ons over den geestelijken toestand van sommigen in 't Namamqualand bedroeven, als mede over de belangloosheid in onzen gezegenden godsdienst. Twee agtereenvolgende jaren is door ons en de plaatselijken ouderling aldaar alle moeite aangewend om ook op Hardeveld, Namaqualand en Kamiesbergen huisbezoeking te doen. Dan door de weigering van velen aldaar om voorspannen en wagen te verleenen heeft zulks als nog niet plaats kunnen hebben. Wij hopen dat indien wij in onze pogingen slagen om aldaar huisbezoekingen te doen er door des Heeren zegen eene aanmerkelijke verandering in zeden en denkwijze zal ontstaan.[11]

Gelukkig kon Ds. de Roubaix 'n veranderde en verbeterde toestand in geestelike sake aan die Ringsvergadering in 1839

---

[11] Kaapse Sinodale Argief, R. 5, pag. 304.

rapporteer. Dit is wat hy in die verslag van die kerkraad sê: —

Hebben wij in ons laatste verslag redenen gehad om ons over Hardeveld, Namaqualand en Kamiesberg te bedroeven, wij hebben daarna stof tot juichen gehad. Want niet alleen is aan onze begeerte voldaan geworden om daar huisbezoeking te mogen doen, maar ook buiten onze verwachting hebben zij hunnen Leeraar ontvangen en hetgeen wij door des Heeren zegen gehoopt hebben is wezentlijk ontstaan. Velen die onverschillig schenen omtrent het Christendom zijn opgewekt geworden en hebben belijdenis des Christelijken geloofs afgelegd, onder anderen ook eenige grijsaards. Ik ben wezentlijk met aandoening en gevoeligheid van blijdschap van daar vertrokken opnieuw ondervindende dat het Woord Gods krachtig en levend is.'"[12]

In dieselfde verslag bepleit die kerkraad die wenslikheid en noodsaaklikheid van die afstigting van twee gemeentes uit hul gemeente, tewete een na die kant van Hantam en Onder Bokkeveld en 'n ander in Namakwaland. Hulle gee aan statistieke tot ondersteuning van hulle pleidooie. Wat Namakwaland en omliggende veldkornetskappe betref wys hul op die volgende getalle: —

„Hardeveld — 525 zielen, 20 tot 22 uuren te paard van de kerk.

Namaqualand — 703 zielen 30 tot 35 uuren ditto.

Camies Berg — 1459 zielen, 30 tot 40 uuren ditto."

Hulle roep die Ringsvergadering o.a. toe:—

„Neemt slechts in aanmerking hoevele zielen gemelde Veldcornetschappen bevatten en hoeveel uuren zij te paard te rijden hebben om te Clanwilliam ter Kerke te komen.'"[13]

Die Ring het besluit om die afstigting van die twee gemeentes by die Regering sterk aan te beveel dog hoewel dit in die geval van Hantam in 1847 tot 'n werklikheid geword het, moes Namakwaland nog drie jare langer op afstigting wag. Hantam het in 1851 sy eerste vaste predikant gekry in die persoon van Ds. (later Professor) N. J. Hofmeyr, op wie se voorstel en versoek die naam van die gemeente verander is in Calvinia, na Calvyn, die groot hervormer. Toe Ds. Hofmeyr sy werksaamhede op 12 September 1851 aanvaar was die afstigting van Namakwaland gelukkig ook kort te vore 'n voldonge

[12] Kaapse Sinodale Argief, R. 9, pag. 185.

[13] Idem.

feit geword. Wat daaraan eintlik die deurslag gegee het was 'n memorie van lidmate wat op die Ringsvergadering van 17 Oktober 1849 ingedien was.

**2. Memorie tot Afstigting.**[14] — Die Memorie het as volg gelui: —

Hoog Eerw. Heer, WelEerw. Heeren!

Wij ondergetekenden leden van de Parochie van Clan William, inwoners van de wijken Namaqualand, Camiesberg en Hardeveld verzoeken ootmoedig de HoogEerw. Rings-Commissie indien het met de wetten onzer Kerk strookt, of anders de HoogEerw. Ringsvergadering om ons te willen toestaan eene afzonderlijke parochie uit te maken omreden dat er eenigen onzer tot 55 uuren van de Kerk te Clan William wonen en de meeste onzer den Leeraar der Kerk slechts eenmaal in het jaar met huisbezoeking kunnen zien. Wij hebben reeds de toestemming van de Eerw. Kerkeraad te Clan William bekomen en verzoeken U WelEerw. het nodige daaromtrent bij het Gouvernement te doen. Verder beloven wij de onkosten der Commissie ter bepaling der parochie scheiding te zullen dragen. In het vertrouwen levende dat ons bilijk verzoek ook uwe goedkeuring zal wegdragen,

Hebben wij de Eer hoogachtend ons te noemen

HoogEerw. en WelEerw. Heeren,

Uw WelEerw. ond. dienaren

Jacobus Kotze, plaatselijke ouderling, A. E. van Wijk, J. J. Kotzee, Johannes Engelbregt, J. W. van Zijl, G. J. Goosen, J. C. Mosterd, J. Kennedy, A. A. J. Coetzee, S. Barends, C. van der Heever, C. Meyer, Pieter van Zijl, J. A. van Zijl, Jr., John Archer, J. H. A. Agenbag, R. Archer, W. H. van Zijl Archer, W. C. Esterhuizen, P. G van Zijl, Sr., G. P. van Zijl, P. G. zn., P. van Zijl, Jr., A. van Niekerk, Sr., G. A. Agenbag, J. H. Agenbag, J. J. S. Strauss, J. C. Mulder, J. I. de Klerk, A. J. Esterhuizen, P. Lukas, James Samuel Stone, Erasmus van Niekerk, A. H. J. Rijkheer, C. van der Westhuizen, W. J. J. Agenbag, F. J. Kotze, J. J. B. Gagiono, T. Kotze, A. P. Dippenaar, J. C. Mostert, J. zn.' Gideon van Zijl, J. A. zn., A. P. van Niekerk, A. zn., R. J. Engelbrecht,

---

[14] Kaapse Sinodale Argief, R. 16, Byl. No. 8.

C. L. Cornelissen, G. Kotze, L. Cornelissen, D. A. van der Heever, J. J. Koegelenberg, H. A. J. Strauss, H. A. Beukes, G. G. Visser, J. P. Kotze, G. J. van Wijk, C. van der Westhuyze, J. P. Beukes, A. E. J. C. van Wijk, C. van van Niekerk, H. B. Beukes, M. G. Visser, G. P. J. Mostert, D. J. Coetzee, H. P. J. Beukes, E. J. H. Visser.

**3. Stigting, Grenslyne en Eerste Kerkraad.** — Die Ring wat soos hierbo vermeld reeds in 1839 die beginsel van afstigting goedgekeur het, het die versoek met algemene stemme toegestaan en tot „eene Commissie van voornoemde Parochie scheiding'' gekies Ds. J. C. le Febre Moorrees van Zwartland (Malmesbury) en die ouderlinge J. Hanekom (Piketberg) en Joachim Nel (van Hantam).

Hierdie kommissie het om uitvoering te gee aan die las wat hulle opgedra was op 2 September 1850 op die plaas Walneuktung vergader en by die volgende Ringsvergadering (van 1850) die volgende verslag ingedien[15]: —

> Op heden den 2 September 1850 kwam de Kommissie afgevaardigd door de WelEerw. Ringsvergadering tot het maken eener Grensscheiding voor de nieuwe Gemeente van Hardeveld, Kamiesberg en Namaqualand op de plaats Walneuktung in het Namaqualand te zamen en werd daar door haar het navolgende bepaald: Dat de grenzen dezer nieuwe gemeente zijn zullen — ten noorden de Limieten der Kolonie, ten oosten de Krommerivier, waar die in de Hantam Rivier vloeit, tot aan de Olifants Rivier; ten zuiden de Olifants Rivier, verblijvende de plaats Rondekraal (alias Kukenap) onder Clanwilliam, en ten westen, de Atlantische Oceaan. Verder benoemde de Commissie tot Kerkenraden, als ouderlingen, Jakobus Kotze, plaatselijke ouderling en Jakobus Gert du Toit, en als Diakenen, Johannes Cornelis Dreyer, Johannes Jakobus Strauss, Johannes Engelbregt, Jak. zn., en Michiel Georg Visser.
>
> Aldus gedaan en overeengekomen door ons op heden den 2 September 1850.
>
> *J. C. le Febre Moorrees.*
>
> *J. J. Hanekom.*
>
> *J. E. P. Nel.*

[15] Kaapse Sinodale Argief, R. 16, Byl. No. 2.

Die Ring het hierdie verslag op 16 Oktober 1850 goedgekeur en Ds. H. L. de Villiers van Clanwilliam, wat Ds. de Roubaix daar in 1844 opgevolg het as konsulent aangestel, sodat 16 Oktober 1850 beskou kan word as die stigtingsdatum van die gemeente. Die volgende stap was die offisiële goedkeuring van die stigting deur die Regering op aanbeveling van Dr. Abraham Faure, Actuaris Synodi, wat in sy brief aan die Sekretaris, o.a., gesê het: "The necessity of having a separate parish in that part of the Colony was acknowledged as long ago as 1839." Hierdie goedkeuring is verleen.

**4. Die Eerste Konsulent — Ds. H. L. de Villiers.** — Die gemeente is gedurende die eerste jare van sy afsonderlike bestaan nooit op die Ringsvergaderinge verteenwoordig geword nie. Dit skyn asof die eerste kerkraadslede eers later in hulle amp deur die konsulent bevestig is, want die eerste genotuleerde kerkvergadering is op 19 Augustus 1854 op Kliphoek gehou. Ds. de Villiers het Namakwaland seker nie dikwels besoek nie. Miskien was sy swak gesondheid en die lang afstande die oorsaak van die versuim.

Ds. H. L. de Villiers was 'n baie sieklike man, soos reeds aangemerk. Op 8 Junie 1857 het hy by die Regering aansoek gedoen om siekverlof vir twee maande op aanraai van Dr. C. J. Saek van Clanwilliam wat die nodige sertifikaat uitgereik het in die vertroue „dat verandering van lucht en plaats gunstig moge medewerken tot een spoedig herstel tot zijn vorige gezondheid." Helaas, 'n maand later, op 7 Julie was hy oorlede.

In die konsistoriekamer van die Clanwilliamse kerk is die volgende aantekening aangaande die Weleerwaarde Heer Hermanus Lambertus de Villiers te lees: —

> Geboren in 1819 te Paarl. Opgeleid tot de evangeliebediening te Leiden in Holland. Geordend door de Haagsche Commissie, 19 April, 1844. Hy was Predikant van Clanwilliam vanaf 1844 tot 1857. Gestorven op 7 Julie 157.

In *De Honingbij* van 1844 (Bladz. 255) staat: —

> De Weleerw. T. J. van der Riet en H. L. de Villiers, onlangs als Predikanten van de N. G. Kerk in dit hun geboorteland teruggekomen, predikten in de Kaapstad. Ds. van der Riet op Zondag 11 dezer (Augustus) over I Cor. 3:10—17 en Ds. de Villiers op Zondag den 18den over de woorden des Zaligmakers, Matt. 11:28. Elk voor een zeer aanzienlike gemeente.

en op Bladz. 377:—

> De gemeente van Clanwilliam vakant geworden zynde door de vrywillige afstand van de Weleerw. Heer E. H. F. de

Roubaix, zoo heeft het zyn Ex. de Goeverneur behaagd de Weleerwd. H. L. de Villiers, die vroeger benoemd was de dienst aldaar waar te nemen, tot predikant dier gemeente aan te stellen onder goedkeuring van den Hoog Ed. Secretaris van Staat.

In *De Kerkbode* van 1857 vind men slechts het volgende op Bladz. 240:—

*Clanwilliam.* Op de 7den dezer (Julie) overleed alhier de Weleerwd. heer H. L. de Villiers na een smartelike ziekbed van eenige weken, nalatende een weduwe en vyf kinderen. Twaalf jaren heeft hy de dienst vervuld. Niet weinig heeft het gedurig rondreizen in deze zoo uitgebreide gemeente toegebracht tot de afmatting en verzwakking der lichaamskrachten waaronder hy in de bloei zyn levens (zynde 38 jaren oud) is bezweken.

**5. Eerste Afgevaardigdes na die Ring.** — In 1842 is daar deur die Sinode 'n nuwe indeling van Ringe gemaak, vyf in getal. Die benamings Eerste, Twede en Derde Ring is afgeskaf, en in die plaas daarvan gestel die naam van die oudste gemeente wat tot die Ring behoort het. So het die Ring van Tulbagh ontstaan, waartoe behoort het al die gemeentes in die noordweste, insluitende ook Namakwaland. Die eersee afgevaardigdes van hierdie gemeente na die Ringsvergadering wat in 1853 op Malmesbury gehou is, was die ouderling J. C. Dreyer en die diaken M. G. Visser, wat egter nie van geloofsbriewe voorsien was nie, dog aan wie tog sitting verleen is op de verklaring van de konsulent „dat men wegens plaatselijke omstandigheden geene Kerkeraadvergadering heeft kunnen houden.''[16] Die eerste kerkraadsvergadering is, soos ons reeds gesien het, eers op 19 Augustus 1854 op die plaas Kliphoek gehou onder voorsitterskap van die konsulent.

By die volgende Ringsvergadering (1854) was diaken H. J. Louw die afgevaardigde, wie se geloofsbrief die konsulent wat nie teenwoordig was nie, nie ingestuur het nie.

**6. Die Eerste Ringsverslag.** — Die eerste Verslag van die staat van godsdiens wat by die Ringsvergadering van 1856 ingedien is, het as volg gelui: —

„De Kerkraad der Nederduitsche Hervormde Gemeente Namaqualand geeft met genoegen te kennen aan de Hoog Eerw. Ringsvergadering, zitting houdende te Tulbagh, dat

---

[16] Notuleboek, Ring van Tulbagh, Kerk Argief, R 21, pag. 2.

zij bij voortduring zich verblijden mogen over den welstand en bloei van de gemeente aan hare zorg toevertrouwd. De opkomst tot de openbare godsdienstoefeningen bij gelegenheid dat onze Predikant Consulent in ons midden is geweest, was verblijdend; het onderwijs aan de jeug was geregeld. Wij hebben dan ook met genoegen tot leden der gemeente aangenomen 23 persoonen, gedoopt 70 kinderen, terwijl 8 personen zijn overleden. Hiermede voldaan hebbende aan de Regulatiën der Nederduitsche Hervormde Kerk, hebben wij de eer ons met alle hoogachting te noemen

Hoog Eerwaarde Vergadering,

H.E.W. Heeren en Broeders,

U WelE.W. D.W. Dn. en Broeders,

(get.) *H. L. de Villiers*, V.D.M.

*G. J. van Wyk*, ouderling.

*H. I. J. Louw*, diaken.

*A. A. J. Coetzee*, diaken.

*G. A. Agenbag*, diaken.

Vir die jaar 1 Oktober 1855 tot 30 September 1856 was vir die Sinodale Fonds gehef die som van £4 0 6 en vir die Predikante Weduweesfonds 4/-.

Uit die Kerkvisitasie by dieselfde Ringsvergadering gehou blyk dat daar destyds 'n voorleser was wat godsdiensoefeninge gehou het. Sy naam was E. Genis, en die naam van die destydse onderwyser was J. Mulder.

7. **Die Eerste Voorleser.** — Die eerste voorleser, Mnr. Evert Genis, was 'n Hollander wat in 1850 as godsdiensonderwyser na Suid-Afrika gekom het. In die betrekking was hy eers in die Kaapstad werksaam, later op Piketberg (1852) en toe in Namakwaland. As voorleser het hy die godsdiensoefeninge en begrafnisse in afwesigheid van 'n leraar gelei, en as daar 'n leraar was, dan het hy in die reël die psalm- en gesangverse opgegee, en die Tien Gebooie, Twaalf Artiekels en Skrifgedeeltes voorgelees. Die eerste duplikaat-registers in die kerkargief is in die nette handskrif van Mnr. Genis. Hy was op Ouest woonagtig, waar 'n seun van hom, Evert Jacobus Adriaan de Graaff, op 28 Februarie 1856 gebore is. Hy moet toe al groot kinders gehad het, want twee van hulle, Anna en Jan, is met die eerste aanneming van lidmate, 9 September 1855 op Kliphoek voorgestel.

---

[17] Kaapse Sinodale Argief, R. 21, nie genommer nie.

**8. Eerste Doopsbediening en Aanneming van Lidmate.** — Volgens die duplikaat-registers in die kerkargief, blyk dit dat die eerste doopsbediening plaasgevind het op die plaas Kliphoek op 9 September 1855, toe dertien kinders en een bejaarde gedoop is. Van een van die ouer-pare, Gert Cloete en sy vrou, is die dag drie kinders gedoop, waarvan die oudste al ses jaar oud was. By dieselfde geleentheid is twee-en-twintig lidmate aangeneem. Die plegtighede is deur die konsulent verrig. Gedurende die eerste jare van die bestaan van die gemeente is, by geleentheid van die konsulent se jaarlikse besoek godsdiens gehou op die volgende plase: Kliphoek, Ouest, Nieuwe Plaats, Koornhuis, Grootriet, Klipvallei, Modderfontein, Soebatsfontein. Vir afgestorwe lidmate moes „kerkegerchtigheid'' betaal word in die dat. Dit was 'n seker vasgestelde bedrag wat ten behoewe van die kerkkas vir iedere lyk moes betaal word. Vir kinder lyke onder twaalf was die bedrag kleiner as vir groot mense. In hierdie verband is in 1855 die som van £2 2 0 betaal, waaruit blyk dat die mense baie gesond was en nie baie afgesterf het nie. Die heer H. I. J. Louw was die eerste diaken-kassier.

---

## II. — KONSULENTS-BEARBEIDING.

**1. Ds. Charles Murray.** — Na die dood van Ds. de Villiers is Ds. N. J. Hofmeyr van Calvinia aangestel as konsulent, dog nog voor hy iets vir Namakwaland kon doen is hy beroep as een van die eerste professors van die Kweekskool op Stellenbosch en het hy die beroep aangeneem. Omtrent dieselfde tyd het Clanwilliam 'n nuwe predikant gekry in Ds. Charles Murray, wat daar op 25 September 1858 bevestig is en kort daarna as Konsulent van Namakwaland aangestel is. As bewys van die groot behoefte van die vakante gemeente dien die volgende berig in *De Kerkbode* [18]: —

> „Op Maandag, den 4den, werd een weduwenaar uit Namakwaland hier (op Clanwilliam) getrouwd. Deze was met zijne bruid 40 uren met een paarden-wagen gekomen om door een predikant onzer Kerk in het huwelijk bevestigd te worden. Anderen doen deze moeite niet, maar gaan over tot de Engelsche Kerk, alwaar reeds enige huwelijken zijn ingezegend aan vroegere leden der Geref. Kerk.''

In dieselfde *Kerkbode* is daar 'n aankondiging dat Ds. Murray „in January 1859 waarschijnlijk die verwaarloosde gemeente zal bezoeken.''

---

[18] *De Gereformeerde Kerkbode,* 4 Oktober 1858.

**2. Eerw. A. Andriessen, Eerste Ger. Sendeling in Namakwaland.** — Eerw. Andriessen het in 1858 ter wille van sy gesondheid uit Holland na Suid-Afrika gekom en wel as 'n godsdiensonderwyser. Later is hy hier as sendeling van ons Kerk toegelaat. Hy was die eertse Gereformeerde sendeling wat in Namakwaland gearbei het. En dit het hy gedoen op versoek van die Sendingkommissie en met agterlating van sy famielie wat op Worcester woonagtig was. Hy deel in sy outobiografie mee dat hy gevra was om na Namakwaland te gaan „met goedkeuring en lastbrief van den Eerw. Ring, om aldaar godsdienst te houden, te catechiseeren en de Heidenen op te zoeken en tot kennis der waarheid te brengen.'' Verder skryf hy: „Negen maanden (in 1859) was ik aldaar werkzaam, herhaaldelijk een middenpunt kiezende, doch daar ik geene gelegenheid vond om mijn huisgezin te kunnen plaatsen, moest ik afbreken tot spijt van den Consulent, Kerkenraad, Gemeente en het Zendingsbestuur.'' [19]

**3. Opvoeding in die Jare Sestig.** — In later jare, teen die middel van die eeu skyn dit asof dit op die gebied van opvoeding nog treuriger gestel was. Dit blyk o.a. uit die volgende antwoord wat Mnr. A. van Slicht, V. R. van Namakwaland gegee het op 'n enquête (rondskrywe) van die Opvoedingskommissie wat die Regering in 1863 aangestel het: —

> I am sorry to state that neither schools receiving aid from Government nor private schools, to my knowledge, exist in our district (Namaqualand). Our farmers, far behind those of other districts in education, think they have done enough if their children have been instructed a few months by a private tutor. The coloured people of the three mission stations in our district, Leliefontein, Komaggas and Steinkopf appear to be better situated than the farmers in this respect; but in the many transactions I have had with them, I have not found a single person who could read or write. I have had several conversations on this subject with our respected Civil Commissioner and have recommended the erection of villages, where schools would naturally follow. The farmers at Kamiesberg, having nearly finished a Reformed Church at Bowesdorp alias Wilgenhout Kraal have lately sold erven for a village. I would recommend this as the first fit place for a school

---

[19] Gods Wonderdadige Levenszorg in de Levensgeschiedenis van A. Andriessen, pag. 22.

in the district, as it is within easy reach of several farmers with large families.[20]

Eers in 1872 is die eerste publieke skool met kosinrigting op Bowesdorp gestig en geopen met Mnr. G. P. Hutchinson as onderwyser. Hy het ook in die afwesigheid van die leraar met die hou van godsdiensoefeninge gehelp en was by sy vertrek die ontvanger van 'n adres met 'n klein beurs.[21]

**4. Grondverkryging vir Kerkbou.** — In Februarie 1859 het Ds. Murray die gemeente vir die eerste maal as konsulent besoek. Hy het die behoefte aan 'n kerkgebou prominent voor die aandag gebring met die gevolg dat die heer Jacobus Kotze 'n gedeelte van sy plaas, Wolvepoort afgestaan het vir 'n kerkplaas. Hieromtrent verskyn in die offisiële Kerkorgaan[22] die volgende berig: —

> De gemeente van Namaqualand is eindelijk zoo ver gekomen, dat zij een stuk grond heeft, alwaar eene kerk gebouwd en zoo mogelijk een dorpje gesticht zal worden. De plaats heet thans Haasrivier, een gedeelte van Wolvepoort, het eigendom van den Broeder Oud-Ouderling Jacobus Kotzé. Niemand, die eenigzins in die gemeente belang stelt, is onbekend met den ongelukkigen toestand waarin zij steeds heeft verkeerd. Sedert hare oprigting heeft men moeite gedaan om eene kerkplaats te bekomen, doch te vergeefs, daar de verdeeldheid zoo groot was dat de eene partij de andere altijd tegenwerkte, en bovendien was de gemeente te onvermogend, om eene boerenplaats te koopen, die aan beide partijen genoegen geven zoude. Gedurende den tijd dat de consulent in Januarij en Februarij l.l. hier doorbragt, besloot de Heer Kotzé om een stuk gronds, omtrent 400 morgen groot, af te staan tot eene kerkplaats. Om twee redenen is het voor eene kerk niet bijzonder geschikt. Vooreerst, omdat het wat ver van het Hardeveld — het zuidelijkste gedeelte van de Namaqualandsche gemeente ligt, en ten tweede, omdat er nagenoeg geen water is. Het eenigst middel waardoor men water vindt, is door 'tkannagaten in de rivier te maken, Men graaft, namelijk, in het drijfzand, dat gewoonlijk in de bedding eener rivier ligt en vindt omtrent drie of vier voeten onder het zand, water in overvloed. De kerkeraad zal, alvorens tot het bouwen

[20] Report of the Education Commission (1863), Byvoegsel VII, pag. 10.

[21] *De Kerkbode*, 20 September, 1873.

[22] Idem, 21 Mei 1859.

van een godshuis over te gaan, een put tot nut van het algemeen laten graven, om alzoo aan de koopers van erven te verzekeren, dat men ook buiten de rivier water vinden kan. Wegens deze bekende schaarschheid van water heeft men bezwaren tegen de plaats willen inbrengen, doch iedereen scheen er zoo meê tevreden, en blijde in het vooruitzigt dat de altijd heerschende oneenigheid ten einde was, dat de bezwaren slechts aangeroerd en daargelaten werden. Voor hen, die met Namaqualand geheel onbekend zijn, kunnen wij hier bijvoegen dat gebrek aan water aldaar zoo algemeen is, dat men de zwarigheid tegen de kerkplaats ingebragt bijna niet scheen te gevoelen. Onmiddellijk na deze edele gifte van den Broeder Oud-Ouderling verkregen te hebben, is men met eene inteekeningslijst begonnen, waarop nu reeds boven de £1,000 sterling staat ingeschreven. Met deze niet onaanzienlijke som, meent men reeds in Augustus eerstkomende met het bouwen van de kerk een aanvang te maken. Wanneer men hierbij rekent het geld, dat voor de drooge erven zal worden betaald, mag de gemeente de billijke hoop koesteren van een aanzienlijk kerkgebouw in haar midden te zien oprijzen. Een bejaarde broeder der gemeente, die reeds te oud is om de openbare godsdienst bij te wonen, werd gevraagd hoeveel hij geven wilde en antwoorde £30, doch geraden zijnde om liever een zilveren Nachtmaalsservies te geven, zeide, dat hij er niets tegen had, zelfs niet toen hij hoorde dat zoo iets £75 ten minste kosten zoude.

**5. Kerkbou in Wilgenhoutkloof.** — Dit skyn egter dat later oorweging gelei het tot die opgee van die plan om 'n kerk op Haasrivier te bou. 'n Volle jaar het dit toe weer geduur eer 'n ander stuk grond verkry is. Maar toe is daar darem waarlik uiteindelik 'n aanstalte gemaak, soos blyk uit wat 'n korrespondent van Namakwaland in die offisiële orgaan [23] skryf: —

> Het zal voor de lezers van *De Kerkbode* die in onze gemeente belang stellen, aangenaam zijn om te vernemen dat wij ook nu het vooruitzigt hebben, om een kerkgebouw voor de Hollandsche Gereformeerde gemeente alhier te zien. Lang hebben wij naar eene geschikte plaats uitgezien, doch te vergeefs, zoodat zelfs onze Consulent in Augustus, 1860, zeide: dat hij de hoop, om ooit eene kerk in deze gewesten te zien, ten eenemale opgaf. De plaats, kort daarna

[23] *De Kerkbode*, 9 Maart 1861.

voor eene kerkplaats gekozen en daartoe gekocht, heet Wilgenhout Kloof, ten westen en aan den voet van de Kamies Bergen. Een stuk grond, waarvan de waarde op £140 geschat is, is door vier personen, de Heeren H. A. Rossouw, C. van Nieuwkerk, J. van Nieuwkerk en A. J. Coetzee, gekocht en aan de gemeente ten geschenke gegeven. Er is op de plaats water genoeg tot onderhoud van een klein dorpje. Men is dan ook van plan om den grond in erven te laten opmeten en verkoopen. Het gebouw dat onder wakker toezicht van den Heer C. van Nieuwkerk wordt opgerigt is 96 voet lang bij 33 voet in de breedte. De muren zijn reeds 17 voet hoog, en men hoopt om spoedig met het houtwerk aan te vangen. De kosten zullen natuurlijk zeer groot zijn, wij kunnen echter met dankbaarheid verklaren dat een groot gedeelte van de gemeente tot nog toe gewillig heeft bijgedragen, en wij vertrouwen dat de Heer verder de harten openen zal om deze gewenschte zaak te ondersteunen. Ook doet het mij een groot genoegen te kunnen melden dat wij aan den Eerw. C. Murray, Consulent van deze gemeente, als een bewijs van liefde en achting, bij zijn laatste bezoek een geschenk van £51 gegeven hebben. Ongetwijfeld zou de som grooter geweest zijn, doch door eene vergissing is een groot gedeelte van de gemeente, en wel het voorste gedeelte, niet in de gelegenheid geweest om iets bij te dragen.

**6. Inwyding van Kerk op Bowesdorp.** — Byna drie jaar lank was hulle besig met die bou van die kerkie op Wilgenhoutkloof, waar later 'n dorpie ontstaan het, waaraan die naam Bowesdorp gegee is. Toe dit eindelik voltooi was is dit onder blyke van groot belangstelling ingewy op 23 Januarie 1864, volgens die volgende verslag van die plegtigheid uit die pen van ouderling A. Coetzee in die kerklike orgaan [24]: —

„Met de hartelijkste blijdskap kan ik aan de lesers van de *Kerkbode*, en alle liefhebbers onzer Gereformeerde Kerk bekend maken, dat ons nieuwe Godshuis, in Wilgenhout Kloof, op Zaturdag, den 23sten Januarij, 1864, door den Wel-Eerw. C. Murray, onzen Consulent, is geopend geworden. Reeds voor jaren gevoelden vele leden der gemeente de dringende behoefte aan een huis, waarin de openbare godsdienst kon worden bijgewoond, en slechts voor omtrent drie jaren is men begonnen om een gebouw tot dat einde op te rigten. De moeijelijkheden, waarmede wij te kampen gehad hebben, waren buitengewoon groot, vooral daar slechts een deel der leden gewillig was om eenigzins naar vermogen bij te dragen. Niettegenstaande

dit alles zijn wij eindelijk, door den zegen des Heeren, zoover gekomen, om ons Godshuis te kunnen inwijden. Een Bazaar werd vóór de inwijding gehouden, om ons tot bestrijding der kosten eenigzins ter hulpe te komen, en met dankbaarheid mag ik melden dat wij door dat middel meer dan £125 tot de bouwfondsen bijgevoegd zagen. Eene belangrijke som, als men de kleine hoeveelheid der bijeengebragte goederen in aanmerking neemt. De plegtige opening onzer kerk geschiedde door den Consulent, die in tegenwoordigheid der geheele gemeente de deuren in den naam des Vaders, des Zoons, en des Heiligen Geestes opende. En terwijl men inging zong de gemeente vers 3, van Psalm 100. In de voorafspraak gaf de Leeraar een kort verslag van de bouwgeschiedenis der kerk, en den staat der fondsen, waaruit bleek dat men omtrent £2.000 had uitbetaald en nog zoowat £300 schuldig bleef. Hij wenschte de gemeente geluk met het voorregt dat zij thans genoot om in haar eigen Godshuis den Heer te dienen, en wees er op hoe elk hart in dat uur tot hooge feestvreugde en innige dankbaarheid gestemd wezen moest. Tot tekst werd gekozen Genesis xxviii, vers 16, 17. De spreker toonde aan waardoor ons kerkgebouw tot een waar huis Gods konde worden gemaakt. Tevens vermaande hij de toehoorders om te zorgen dat het voor hen allen door den Heer tot eene poort des hemels mogt worden gesteld. Op den volgenden dag werd het Heilig Avondmaal uitgedeeld, en in den namiddag de dankzeggingsrede uitgesproken, bij welke gelegenheid de Eerw. Consulent van de gemeente afscheid nam. Wij verblijden ons over de opkomst van zoovelen, waardoor ons ruim gebouw tamelijk wel gevuld was. Onder de vreemdelingen hadden wij het genoegen de predikanten der Engelsche en Wesleyaansche Kerken van Springbokfontein te mogen tellen. De dagen, die wij te zamen te Wilgenhout Kloof doorbragten, gaven ruime stof tot dankbaarheid. Alles is in de beste orde toegegaan. Wij hopen dat de Predikanten, die onzen Leeraar van ons hebben weggenomen, er voor zorgen zullen dat wij niet meer zoo lang van de genademiddelen verstoken blijven, als voor vijf jaren het geval was. Zoodra wij eene Pastorie hebben hopen wij zelf een Leraar te beroepen, daar wij de middelen bezitten om eenen te onderhouden. In den tusschentijd zullen wij ons met de diensten van eenen Consulent moeten te vreden stellen. — *A. J. Coetzee*, Ouderling."

[24] *De Kerkbode*, 20 Februarie 1864.

Dit het ruim ses jaar geduur voordat die goeie wens van ouderling Coetzee en die vurige begeerte van die gemeente om 'n eie leraar te kry, vervul is. Intussen is sy so trou moontlik deur haar konsulente bearbei. Onder hul het Ds. Charles Murray van Clanwilliam baie vir haar gedoen. In 1865 het hy 'n beroep aangeneem na Graaff-Reinet, waar hy gearbei het tot aan sy dood in 1904. Hy was een van die voortreflike predikante van die Kerk, wat in hom gehad het 'n warm sendingvriend, 'n tere kindervriend, 'n ernstige Kristus-prediker, en 'n nederige volgeling van sy Heer en Meester. Op Clanwilliam is hy opgevolg deur Ds. W. P. Rousseau, wat een van die eerste kwekelinge uit ons Seminarium was en as konsulent van Nama kwaland ook vir haar gedoen het wat hy kon.

## III. — DS. J. S. HAUMAN, EERSTE PREDIKANT. (1870 — 1881).

1. **Beroeping.** — In die begin van 1870 is die Proponent Johannes Stephanus Hauman, na voleindiging van sy studie aan die Kweekskool, gelegitimeer. En kort daarop het die Kerkraad van Namakwaland hom „uitgenodigd op een bezoek in verband met een voorlopig beroep.'' [25] Hul was dalkies bang dat hy miskien teleurgestel en ontevrede kon wees met die gemeente as hy sonder ondersoek na hulle sou oorkom. In 'n later nommer van die kerkblad word aangekondig: „De Eerw. Proponent Hauman heeft zich de belangen aangetrokken van de bevolking in Namaqualand, en zich laten welgevallen het beroep door de gemeente op hem uitgebracht.'' [26]

2. **Ordening en Bevestiging.** — 'n Korrespondent gee in die Kerkorgaan die volgende verslag van hierdie plegtigheid:

> *Bowesdorp.* — De bevestiging van den Eerw. J. S. Haumann vond alhier plaats op den 13den Augustus, l.l. Wegens den verren afstand waarop deze plaats verwijderd is van de andere gemeenten, was er geen predikant der Nederduitsch Gereformeerde Kerk tegenwoordig dan Ds. W. P. Rousseau, van Clanwilliam. Verscheidene van de Broeders zendelingen echter, die in Namaqualand arbeiden, verblijden ons met hunne tegenwoordigheid. Zoo waren er de Eerw. Heer Godman, van het Wesleyaansch Genootschap, en de Eerwaarde Heeren Weich en Brecher,

[25] *De Kerkbode*, 18 Junie 1870, pag. 208.
[26] Idem, pag. 240.

van het Rhijnsch Zendinggenootschap. De bevestigingsrede werd door den Consulent gehouden naar aanleiding van 2 Timotheus 2:3: „Gij dan, lijd verdrukkingen als een goed krijgsknecht van Jezus Christus.'' Aan de oplegging der handen namen ook de Broeders zendelingen deel. Het was waarlik een aandoenlijk en blijde oogenblik voor deze gemeente, toen zij nu voor het eerst, na jaren wachtens, haar eigen leeraar op zoo plegtige wijze ontving. Geen wonder dat er menige traan gestort en ook menige diepe indruk gemaakt werd, die, naar wij hopen, nog lang na dezen blijven zal. De bevestigde deed des namiddags zijne intrede naar aanleiding van Efeze 2:17: „En komende heeft hij vrede verkondigd, u die verre waart, en dien die nabij waren.'' Regt hartelijk was de wijze waarop hij zich aan de gemeente verbond. Den volgenden dag (Zondag werd het Heilig Avondmaal gevierd, dat ons ditmaal een dubbel heerlijk feest was. Des Zondags namiddags nam de Consulent, de Wel-Eerw. W. P. Rousseau, afscheid van deze gemeente, en wel naar aanleiding van Filippensen 2:12 en 13. Bijzonder aandoenlijk was ons ook dit gewigtig oogenblik van scheiden. Dienzelfden avond nog werd er eene Gemeente Conferentie gehouden, bij welke gelegenheid vele belangrijke zaken, in verband met het godsdienstig leven in de gemeente, besproken werden. Opmerkelijk was ons vooral de vrijmoedigheid waarmeê velen met hunne bezwaren voor den dag kwamen, en soms ook wel schuld en pligtverzuim in meer dan één opzigt beleden. De gemeente van Namaqualand, hoezeer ook in vele opzigten ten agteren, wordt door eene ongekunstelde eenvoudigheid en hartelijkheid gekenmerkt, die haar voorzeker tot een der aangenaamsten arbeidsvelden voor een' leeraar in ons land maakt. Reeds in 1850 werd zij van Clanwilliam afgescheiden. Twintig jaren lang heeft zij dus herderloos gezeten Wel is waar, vooral sedert de ijverige bemoeijingen van Ds. C. Murray, die er de Consulent was, is zij veel bearbeid geworden, en is er niet weinig zegen in haar midden gesticht. Bijzonder in de laatste jaren waren de bezoeken van den Consulent, Ds. Rousseau, tijden van bijzonderen ernst en ontwaking in de gemeente. Wat het stoffelijke aangaat mag ik met blijdschap melden, dat de gemeente een groot kerkgebouw heeft, dat geheel buiten schuld is. Zelfs heeft men een saldo van over de £200 in kas. De WelEerw. Heer Hauman ontvangt een jaarlijksch salaris van £300 sterling. Deze som is aan den kerkeraad gewaarborgd door de hoofden van huisgezinnen in de gemeente. Ook te Springbokfontein, waar, door de aanwezigheid der

mijnen als anderzins er vooral groote behoefte bestond, heeft men een kapel van de Wesleyanen gekocht, waardoor Ds. Haumann in staat zal zijn om er geregeld godsdienst te houden. Er zijn ook maatregelen genomen door den kerkeraad om zooveel mogelijk in de verschillende wijd-uitgestrekte wijken van de gemeente godsdienstoefeningen te hebben. Wij durven hopen dat de WelEerwaarde Heer Hauman alzoo eenen ruimen zegen in zijn nieuw arbeidsveld smaken zal.[27]

**3. Buitenlandse Reis, Huwelik en Verder Dienstyd.** — In die begin van 1873 het Ds. Hauman van sy kerkraad verlof van afwesigheid vir 'n jaar gekry om 'n reis in die buiteland te gaan doen. Die plan was Europa, die Heilige Land, en ook Amerika te besoek. Van die gedeelte van sy besoek wat op die Nadere Ooste betrekking het verskyn daar in *De Kerkbode* van 1874 uitvoerige beskrywings wat van noukeurige opmerksaamheid en wye belesendheid getuig. Die informasie wat meegedeel word omtrent Konstantinopel, Beyroet, Damaskus, Nasareth, Jerusalem is waarlik lesenswaard. Behalwe hierdie beskrywinge het hy ook maandeliks 'n herderlike brief aan sy gemeente geskryf. Sou daar van die briewe bestaan? Ds. Hauman het benewens die Heilige Land die vernaamste lande van Europa deurreis, dog, dit skyn asof hy afgesien het van sy plan om ook Amerika te besoek. Miskien het die tyd daartoe ontbreek, hoewel sy verloftyd met drie maande verleng is. Maar dan — hy maak melding van „eene drukke studie aan eene Europeesche Universiteit'' hoewel hy die drukke hofmaak by 'n edele Skotse dame, Mary Walker, dogter van 'n Rev. Walker, naby Edinburg verswyg. Hierdie laaste handeling van groot belang vir die Namakwalandse predikant is tot 'n suksesvolle konklusie gebring want hy het met sy jeugdige eggenote na Suid-Afrika teruggekeer. In die Skotse hoofstad is daar juis toe tertyd herlewingsdienste gehou onder leiding van Rev. Stewart, waarmee Ds. Hauman behulpsaam was en soseer het die manier waarop die prediker die ontwaaktes gedring het tot 'n oombliklike algehele oorgaaf aan Christus op hom indruk gemaak dat hy later 'n Hollandse vertaling uitgegee het van 'n boekie van Rev. James Gall wat oor dieselfde saak handel en tot tietel dra: „Oogenblikkelijke Redding door de Geloofsovergave aan Jesus Christus.'' Die boekie voorsien van 'n aanbevelingswoord deur Professor Hofmeyr is in Edinburg sonder 'n enkele drukfeil gedruk. In sy vaderland teruggekeer

[27] *De Kerkbode*, 10 September 1870, pag. 302.

is Ds. Hauman deur sy gemeente hartlik verwelkom, soos blyk uit die volgende berig in *De Kerkbode* van die ontvangs:—[28]

NAMAQUALAND, 28 MEI 1874. Ds. Hauman is deze week terug gekomen na eene reis van vijftien maanden door Europa en Palestina. Met groote vreugde vernam men dat ZEerw. en echtgenoote vroeg in de week tehuis zouden zijn. De pastorie werd intusschen in volmaakte orde gebragt, waarvoor de gemeente van Namaqualand allen lof verdient. Zoodra men berigt ontving dat ZEerw. niet ver van Bowesdorp was, begaf zich een aanzienlijk getal ruiters te paard naar de plaats Elleboogsfontein, om ZEerw. onderstaand adres aan te bieden, en naar het dorp te vergezellen:—

ADRES.

Den Wel-Eerw. Zeer Geleerden Heer J. S. HAUMAN.

Wel-Eerw. Heer en geachte Leeraar! — Na veel verlangen mogen wij u heden welkom in ons midden heeten, om weer het herderlijk werk onder ons te aanvaarden. Wij hebben u veel gemist in uwe afwezigheid, maar ons steeds getroost met de gedachte dat wij bij uwe terugkomst zouden worden beloond met uwe ondervindingen in andere landen, vooral in het Heilige Land, waarvan wij met vreugde hebben gelezen in uwe berigten. Voorts heeten wij een hartelijke welkom aan Mevrouw Hauman, die voor het eerst in ons midden komt. Ofschoon onze taal haar onbekend is, koesteren wij echter de hoop, dat zij spoedig te huis zal zijn in ons midden. Ten slotte wenschen wij UEerw. en echtgenoote des Heeren besten zegen toe en bidden dat Hem behagen moge u lang in ons midden te sparen, Hem tot eer en ons tot nut.

Hierop antwoorde ZEerw. zeer gepast en hartelijk, zijn dank betuigende voor de eer hem en echtgenoote aangedaan. ZEerw. heeft in Holland en Schotland de Universiteiten bezocht en ook gedeeld in de herleving in Edenburg. Voorts drukte ZEerw. de hoop uit dat de banden van liefde, die er steeds bestonden tusschen hem en de gemeente, naauwer mogten worden, geheiligd door de liefde die er tusschen hen en de Heere moet bestaan. Na eenig onderhoud, begaf men zich naar Bowesdorp, waar ZEerw. en echtgenoote in de Pastorie werden ontvangen door den heer Adr. van Niekerk. — *Medegedeeld.*

---

[28] *De Kerkbode,* 13 Junie 1874, bl. 189.

Vóór sy huwelik het Ds. Hauman 'n tydlank ingewoon by sy ouderling Mias Coetzee. Later het hy in die konsistoriekamer op Bowesdorp gewoon, toe hy verantwoordelik was vir die maak van sy eie ete, hoewel hy in sy diens gehad het 'n baie trou en edelmoedige kleurling-bediende genoem Baugaard, wat baie mooi vir sy meneer gesorg het. In die tyd het hy eiehandig 'n pastorie help bou, sodat toe hy uit Skotland die voëltjie gebring het, die koutjie klaar was. Die Sondag na die ontvangs was daar nie minder as dertig ossewaens om die kerkie, want almal was nuuskierig om die Skotse predikantsvroutjie te sien en met haar kennis te maak. En die kennismaking was uiters aangenaam, want Mev. Hauman het met haar minsame omgang almal na haar aangetrek. Gedurende die laaste jare van sy verblyf het Ds. Hauman op Matjieskloof, naby Springbok, gewoon, daar hy genoodsaak was weens gebrek aan water Bowesdorp te verlaat.

**4. Later Loopbaan van Ds. Hauman.** — Ds. Hauman is 6 Desember 1845 op Franshoek gebore. Voordat hy na die kweekskool gegaan het, het hy sy voorbereidende studie aan die ou Paarlse Gimnasium deurgemaak. Op 24 Julie 1925 is hy te Mowbray oorlede. Aan 'n *In Memoriam* wat in die offisiële orgaan[29] verskyn het, word die volgende besonderhede ontleen:

> Ds. Hauman arbeidde te Namaqualand van 1870—1881 toen hij 'n beroep naar Riebeekkasteel aannam. Het verskil tussen de meest uitgestrekte gemeente toen in die Kaap Kolonie, en een van die kleinste moet voor hem zeer opmerkelik geweest zyn. In de eerste gemeente moest hy weken achtereen van huis zyn, terwyl in de twede hy elke nacht onder zyn eigen dak slapen kon. Hier is hy tot 1908 gebleven, toen hy gevraagd werd het zelfopofferend werk onder de melaatsen op Robben Eiland op zich te nemen. Aan dit werk heeft hy zich met veel toegewydheid gegeven, en heeft de dankbaarheid en de liefde van de beproefden op 't eiland ingeoogst, zooals vooral gebleken is by gelegenheid van zyn afscheid daar in 1914 toen hy op pensioen afgetreden is, na 'n vier en veertigjarige evangeliebediening. Hy heeft zich toen metterwoon gevestigd te Wynberg waar hy de gemeente als ouderling diende en vanwaar de familie naar Mowbray verhuisde. Enige jaren ageerde hy als Scriba van de Kommissie voor de Zending onder Israel, en diende de Kerk ook als lid van het Kuratorium van het Opleidings Instituut te Wellington. By de ontdekking van

[29] *De Kerkbode*, 1925, pag. 973.

de eerste goudvelden in Transvaal, werd hy gevraagd daarheen te gaan, en nam voor zes maanden de diensten waar te Barberton. Ds. Hauman was van 'n stille en beskeiden geaardheid, en heeft ongaarne zich op de voorgrond gedrongen gesien. Het was hem genoeg als hy mte 'n bewustzyn van Gods welbehagen zyn werk ongezien kon doen. In zyn huiselike kring was hy onderhoudend en minzaam. Zyn kinderen waren biezonder aan hem gehecht en voor hen en hunne belangen heeft hy zich veel opgeofferd.

5. **Ter Gedagtenis aan Mev. Hauman.** — Mev. Hauman is 29 Junie 1928 op Mowbray oorlede en die gedagtenis aan haar edele karakter verdien dit dat ons hier ruimte gee aan die volgende uittreksel uit *Ons Land*:

> Mev. Hauman het as jong meisie van agtien jaar haar vaderland, Skotland, vaarwel gesê, om haar lot in te werp met ons land en volk. Haar eggenoot het haar in Skotland ontmoet. Terwyl hy in Skotland was, is daar buitengewone evangeliese byeenkomste gehou, en toe is hy na Crail gegaan om een van die byeenkomste by te woon, en moes daar loseer by Rev. Walker wat hy toe vir die eerste keer ontmoet het. Daar het hy sy toekomstige vrou ontmoet. Hul is daar getroud en na Suid-Afrika uitgekom. By hul aankoms hier is hul na die ouers van Ds. Hauman in Franshoek gegaan, en van daar het die vader van Ds. Hauman die jong egpaar met 'n eselwa na hul gemeente in die verafgeleë Namakwaland gestuur. In die begin het sy met baie moeilikhede te kampe gehad, maar met groot deursettingsvermoë het sy die moeilikhede te bo gekom. Daar in die eerste gemeente het sy 'n naam agtergelaat wat nooit kan vergaan nie. Geen opoffering was haar te groot om 'n helpende hand te bied in tyd van siekte, al moes daar soms ook lang en vermoeide reise per kar afgelê word. Die liefde vir haar Heer, haar selfopofferende liefde vir haar medemens, het haar voortgedrywe; vandaar dat sy so baie kon doen. As ooit 'n vrou van 'n predikant 'n swaar taak op haar geneem het, dan was dit Mev. Hauman, maar die wyse waarop sy die taak uitgevoer het, het die bewondering van almal wat haar geken het, gewek. Haar tydgenote verhaal hoedat sy haar van die begin af aangepas het by die eienaardige omstandighede wat sy hier in ons land ontmoet het. In alles het sy haar eggenoot getrou bygestaan, en meer dan eens, waar hy gebuk gegaan het onder swaar moeilikhede, was dit sy wat hom weer opgebeur het, en aangespoor het tot 'n groter kragsinspanning. Mev. Hauman was een van die edelste vroue wat ons ooit die

eer gehad het om te ontmoet. Sy was 'n voorbeeldige en troue eggenote, 'n selfopofferende en liefderlike moeder, en 'n troue vriendin. Dit was nie in haar karakter om van iemand kwaad te dink nie, en daarom kon sy haar ook nie voorstel dat iemand haar kwaad kon doen nie. Sy is heengegaan, maar die skoon en edele lewe wat so vol was van selfopoffering en liefde vir ander, het sy agtergelaat as 'n voorbeeld om na te volg.

## IV. — 'N LANGDURIGE VAKATURE, 1881 — 1886.

Ds. Hauman het Namakwaland in die begin van 1881 verlaat en op sy vertrek het daar 'n baie lank vakature gevolg wat skadelike gevolge vir die lewe van die gemeente gehad het. 'n Groot aantal beroepe is uitgebring — almal tevergeefs. Gedurende die tyd is die gemeente slegs van tyd tot tyd herderlik besoek geword deur die konsulent en enige Ringspredikante onder wie Di. J. N. Vlok van Piketberg en M. C. Mostert van Porterville. In September — Oktober 1882 het ook twee teologiese studente, die here D. S. Botha en H. Muller tydens hul vakansie die gemeente bearbei. Hulle was voorsien van aanbevelingsbriewe van die Professore Hofmeyr en Murray en van die konsulent, Ds. P. C. Faure van Clanwilliam. Hulle het orals rond die verstrooide kudde besoek, op sentrale plekke godsdiensoefeninge gehou en daar Eerw. Botha (later Moderator Synodi) 'n geordende sendeling was, kon ook die sakramente bedien word. Op Hoorees, b.v. *is vyftien kinders gedoop, waarvan* een drie jaar oud was. In hulle verslag wat in die offisiële kerkblad[80] voorkom kan hulle nie genoeg gewag maak van die hartlikheid waarmee hulle orals ontvang geword is nieteenstaande dit 'n tyd van bitter droogte was. Aangaande die opkomste tot die godsdiensoefeninge getuig die here Botha en Muller o.a. dit:—

„Het deed ons hart goed te zien dat sommigen zich veel moeite hebben getroost om de diensten bij te wonen. Wij weten van gevallen waar eene moeder twee uren te voet alleen met haar kindje op den rug heeft afgelegd om de kerk bij te wonen en het kind te laten doopen, en dat twee ouders een geheelen nacht geloopen hebben om de kerkplaats te bereiken. Dit moesten zij zich gtroosten omdat hunne dieren te mager zijn om te trekken. Op zekeren

[80] *De Christen*, 24 November 1882, pag. 554.

dag hebben wij acht uren in den zadel doorgebracht om drie oude menschen te bezoeken, een van 92, een van 88 en een van 84; de laatsten hebben wij echter niet thuis gevonden. De twee thuis aangetroffen, stelden ons bezoek zeer op prijs, en wij waren verblijd dat wij hun een woord van troost en bemoediging mochten toespreken. Ons bezoek werd, waar wij ook kwamen, gewaardeerd. Het verlangen naar de Evangelieprediking is bij de menschen sterk. Het was een goed teeken in elk huis (zelfs in de matjieshuisen) hoe armoedig ook, een Bijbel te vinden. Men heeft ons zeer vriendelijk ontvangen, en meestal waar wij in huis waren veel gedaan om ons verblijf aangenaam te maken.''

Op Sondag 3 Februarie 1884 is die Eerw. Proponent Abraham Albertyn op Clanwilliam van Ringsweë georden „om voor eenige maanden in de gemeente Namaqualand te arbeiden.''[31] Van sy arbeid kom daar geen enkele berig in die kerkblad voor nie. Dit moet in iedere geval van baie korte duur gewees het want reeds op 21 Junie d.a.v. is Ds. Albertyn as predikant van Lindley bevestig.

Gedurende die lang vakature het die Eerw. Dönges, Rynse Sendeling op Concordia aangebied „om alle twee maanden op verschillende plaatsen godsdienstoefening te houden als de consulent, kerkeraad en gemente zulks begeeren en de belanghebbenden hem vervoeren willen.'' Of die aanbod aangeneem is, is ons nie geblyk nie. Wat wel blyk is dat die Roomse ongevraag onder ons mense gedoen het net wat hulle wil en proseliete gemaak net waar hulle kon — en dit nieteenstaande waarskuwings. Reeds die here Botha en Muller het in hulle verslag o.a. gesê:—[32]

> „Te Pella zijn er onlangs (1882) niet minder dan zes priesters tegelijk geweest. Zij oefenen, zooals wij vernemen, grooten invloed onder de minder ontwikkelde leden onzer kerk uit. Zij hebben reeds kinderen onzer gemeenteleden gedoopt, geven gratis onderwijs en om zand in de oogen te werpen, zeggen zij aan de ouders: geeft zelf boeken tot gebruik in de school. Het is tijd om de menschen te waarschuwen.''

Hulle is gewaarsku, dog die waarskuwing het niks gehelp nie, want geen proponent of predikant wou 'n beroep na Nama-

[31] *De Kerkbode*, 18 Januarie 1884, pag. 35.
[32] *De Christen*, 24 November 1882, pag. 556.

kwaland aanneem nie. Intussen het die Roomse hul propaganda voortgesit en wie kon hulle verhinder? In die Staat van Godsdiens by die Ringsvergadering in 1884 ingedien, rapporteer die kerkraad o.a. dit:—

„De Roomschen te Pella gebruiken alle mogelijke listen om de leden onzer kerk over te halen tot het Pausdom. Een oude vrouw die blind is, werd tegen haren wil door de Roomschen naar de kerk gesleept alwaar zij op nieuw werd gedoopt en aangenomen. Eenige familiën onzer kerk zijn reeds overgehaald, te weten de van Reenens en de Coetzees. Wij achten dat de volgende verklaring van Mevrouw Jacob Coetzee hier niet overtollig is: „Ik ben de dochter van mijnheer Frederik van Reenen. Mijn broeder wilde niet overgaan tot het Roomsche geloof. Eindelijk werd hij erg ziek, en toen hij buiten kennis was hebben zo hem gedoopt. Hij is echter hersteld geworden en zeide tot mij: Annie, zij zeggen dat ik Roomsch ben, maar het is niet waar. Ik wil niets met hen te doen hebben. Hij is daarna naar Springbok gegaan en aldaar is hy plotseling overleden. Hij heeft altijd sterk gestreden dat mijne moeder toch niet moest overgaan en het schijnt dat zijn dood een diepen indruk op haar gemaakt heeft. Zij blijft volstandig.''[33]

Aan hierdie verslag voeg Ds. Faure, die konsulent, toe: „God ontferme zich over arm Namaqualand.'' Ja, God het Hom reeds lank oor Namakwaland en alle andere lande ontferm. Dog hoe jammer dat daar nie altyd manne gevind kan word nie om die boodskap van 'n ontfermende God tot die minderbevoorregte en behoeftige mensekindere te bring. In die geval van Namakwaland is beroep na beroep tevergeefs uitgebring. Toe Proponent Enslin begin 1885 beroep is, sê die kerkblad:—[34]

„'t Is hoog tijd dat Namaqualand haar eigen leeraar krijgt, want de Roomsche Kerk maakt hoe langer hoe meer proselieten uit onze gemeente. Volgens laatste berichten zijn weer elf huisgezinnen tot die Kerk overgegaan..''

Dog die môrestond was naby. Aan die end van dieselfde jaar (1885) is Proponent W. J. Conradie beroep.[35] Ongelukkig was die beroep onwettig omdat daar nie 'n wettige voorsitter by teenwoordig was nie daar die konsulent oorlede was en daar nie langs wettige weg voorsiening gemaak was vir 'n plaas-

[33] *De Kerkbode*, 7 November 1884, pag. 535.

[34] Idem, 6 Februarie 1885, pag. 53.

vervanger nie. Die beroep is egter herhaal op Proponent Conradie onder voorsitterskap van Ds. M. C. Mostert van Porterville, die nuwe konsulent, wat aan die beroepene volgens 'n mededeling in die kerkblad[36] o.a. die versekering gegee het

> „dat hij Namaqualand geenszins zoo akelig vond als men dat had voorgesteld. Hij vond er sommige aangename en welopgevoede menschen, en meende dat een leeraar er gelukkig kon zijn en er een veelbelovenden werkkring zou vinden. Gelijk overal, zou hij zijn werk moeten maken van scholen, en vinden dat al kostte het moeite, het hem wel beloond zou worden. Het traktement was bepaald op £350; indien het noodig werd, zou ook dat verhoogd kunnen worden.'' Daarby was gevoeg vry slaggoed en tabak.

---

## V. — DIENSTYD VAN DS. W. J. CONRADIE, 1886 — 1895.

---

**1. Aankoms en Bevestiging.** — Proponent Conradie het die beroep aangeneem en is Saterdag, 1 Mei 1886 in sy amp bevestig. Die bevestiging het op Garies plaasgevind „omdat'' volgens verklaring van die bevestigde, „er te Bowesdorp geen water was voor de trekdieren van de kerkgangers.'' Jammer dat daar van die gebeurtenis geen verslag in die kerkorgaan voorkom nie. Gedurende die eerste jare van sy bediening, skryf Ds. Conradie „woonde ik op de Kamiesbergen, op de plaats Karas, behorende aan mijn onvergetelike ouderling, Mias Coetzee, doch in het begin van 1889 betrok ik met mijn vrouw onze nieuwe pastorie te Garies.'' Die vorige predikant het op Bowesdorp gewoon. Dog Ds. Conradie het Garies verkies as woonplaas, wat wel aanleiding gegee het tot ontevredenheid in die gemeente aangesien baie daarteen opgesien het dat die nuwe dorpie Garies tot hoofkerkplaas verhef sou word. Dog die Conradies het met tak die moeilikheid te bowe gekom, en kon later skryf: — „Die Bowesdorpers en wij zijn nu weer de beste vrienden, en ik heb al hier aangename Zondagen doorgebracht. Maar, hier wonen? Moe nie glo nie.'' Hy self het die pastorie op Garies laat bou, wat later die eiendom van Dr. W. Davis geword het. Gedurende sy dienstyd is ook die Kerk op Garies gebou. Dit het sowat £4,000 gekos en al die boumateriaal moes van die naaste spoorwegstasie, Piketberg-Weg, op die hooflyn, vervoer word. Gedurende die Boereoorlog is die kerk gebruik vir die stoor van koring en ook as 'n fort.

---

[35] *De Kerkbode*, 18 Desember 1885, pag. 555.

[36] Idem, 5 Februarie 1886, pag. 45.

**2. Arbeid van Ds. Conradie.** — Die dienstyd van Ds. Conradie het hom oor 9½ jaar uitgestrek. Dit was jare wat rykbelaai was met inspannende en opofferende arbeidsaamheid, en tewens ook rykgeseënde jare sowel vir die herder as vir die kudde. Ds. Conradie het hom ingeleef met die Namakwalandse mense, en hul geaardheid, leefwyse, spraakmanier, opvattinge en karaktertrekke leer verstaan en sodoende hul vertroue gewen. In *De Kerkbode* kom daar baie min berigte voor omtrent sy arbeid. Hy was nie 'n man wat oor homself kon skryf nie of sy eie trompetter kon blaas nie, hoewel hy die pen van 'n vaardige skrywer gehad het. Gelukkig het hy egter in die ou kerkblad, *De Volksbode*, van tyd tot tyd sommige van sy ondervindinge meegedeel en die „Ondervindingen van een jonge Predikant in Namaqualand'' is later (in 1909) in boekvorm uitgegee. Dit was sy eerste pennevrug wat ware letterkundige talent openbaar. Sy styl, sy humor, sy fyne opmerkinge en sy karakterontleding in dié boekie wat deur die „Vereniging voor Zuid-Afrikaanse Lektuur'' uitgegee is, het vir hom terstond laat ken as een van die weinige skrywers van ons land. Die boekie kan gerus *in Afrikaans oorgesit en uitgegee word, dog* daar dit in sy oorspronklike *vorm uitverkoop is gee ons hier* enige uittreksels daaruit wat lig werp op ou Namakwalandse mense en sake en ons 'n kykie gee op die veelsydige werksaamhede van die predikant: —

*Kerkplase.* Uit die „Ondervindingen'' blyk dat Ds. Conradie behalwe op die dorpies Garies, Bowesdorp en Springbok, ook van tyd tot tyd godsdiensoefeninge gehou het op die volgende plekke: Grootmis, Namies, Kaumasnaap. In 1904 is Garies en in 1912 Namies (nou Pofader) afgestig as aparte gemeentes. Voor die afstigting was die gemeente 18,000 vierkante myle groot, vandaar dat die predikant weke aaneen tussen die wiele moes lewe as hy die mense vir ons Kerk wou behou.

*Die Trekgees.* Die skrywer vertel hoe, toe die wye Boesmansland in plase afgemeet is baie Namakwalanders aan hom gesê het: „Meneer, as die plase in Boesmansland eiendomsgrond word, dan laat ons vat oor die Groot Rivier, want dan sal die wêreld hier te nou word.'' In verband hiermee skryf Ds. Conradie: „'t Is een wonderlike trek in ons volkskarakter — die trekgees. Als iets ons tegengaat, als er te veel mensen dicht bij ons komen wonen, als er nieuwe belastingen op ons gelegd worden, als het wild beschermd wordt door de regering, als.... we hebben een afdoend middel tegen al die euvelen.... we trekken. We verliezen al ons vee in die nieuwe landen, sterven bij huisgezinnen uit, of worden vermoord door de barbaren, doch de trekgeest blijft voortbranden als een onuitblusselik vuur.''

*Matjieshuise.* Om toekomstige geslagte te laat weet hoe hul voorouers geleef het, gee Ds. Conradie die volgende beskrywing van die matjieshuise: — „Al de boeren in Namakwaland trekken 's winters met hun vee. Sommigen gaan ver van hun woonplaatsen; anderen trekken een kleine distantie van hun muurhuizen, maar allen trekken. Dit is een wet van Meden en Perzen. Om het verhuizen gemakkelik te maken, hebben ze matjeshuizen. Ze zijn meestal cirkelvormig, met een doorsnede van 12 tot 16 voet en omtrent 8 voet hoog in het midden. Het raamwerk is een van lange, gebogen hakjesdoorn. Het dikke einde wordt in de grond geplant en de punten aan elkaar gebonden. Dit raamwerk wordt dan overtrokken met grote matten, van matjesgoed gemaakt. De kookscherm is òf vooraan òf enige treden verderaf. Het verhuizen van de een naar de ander waterplek gaat dus gemakkelik. Vele mensen wonen hun levenlang in zulke huizen. anderen gebruiken ze slechts gedurende de lammeroogst.

*Buitengewone Dienste.* In 1890 het Ds. (later Dr.) Andrew Murray van Wellington, wat toe al 'n man oor die sestig jaar was, die lange en vermoeiende reis na Namakwaland gemaak om daar buitengewone opwekkingsdienste te hou. Die dienste is op verskillende middelpunte in die gemeente gehou en was volgens 'n verslag in *De Kerkbode* ryk geseën. Die seën was ook 'n verkwikking vir Ds. Conradie. Die verslaggewer skryf: „Voor een paar jaar werd het gezegd dat de leeraar zeer moedeloos was! Dit is het laatste jaar zeker niet het geval geweest. Met lust en moed heeft hij de gemeente doorreisd en de harten van allen zeer aan zich verbonden. En nu dankt hij den Heer voor den zegen geschonken en maakt er zich gereed om met nieuwen moed de arbeid voort te zetten.''

3. **Afskeid.** — Omtrent hierdie droewige gebeurtenis in 1895 het die volgende berig in die kerkblad verskyn:—

> „De aandoenlijke plechtigheid van Ds. Conradie's afscheid had 29 September te Garies plaats, en werd door een zeer talrijke gemeente bijgewoond, die, niettegenstaande zware droogte en armoede, opgekomen was voor de Avondmaals- en afscheidsdiensten. Hij sprak over Matt. 28:20 een hoogst ernstig en zeer hartelijk woord, dat met diepe aandoening werd aangehoord. In den avond, nadat de Consulent, Ds. Leipoldt, eene treffende en voor de gelegenheid zeer toepasselijke rede had over Hebr. 13:7, werd aan Ds. Conradie een afscheidsadres aangeboden, getuigende van de liefde en achting der gemeente voor hem en zijne echtgenote, die zoovele jaren lang lief en leed met haar

gedragen hadden, gedurende welken tijd de bezoekende hand des Heeren meermalen zwaar op de gemeente heeft gerust. Het scheiden tusschen leeraar en gemeente was hard, en zal niet ligt vergeten worden. — Op Woensdag, 2 Oct., werd ten huize van den heer G. Genis, aan den geliefden leeraar en zijne echtgenoote een afscheidsmaal gegeven, die door velen werd bijgewoond, en waar in de toespraken ook duidelijk de gehechtheid aan hen aan het licht kwam. Donderdag werd hun een eindswegs uitgeleide gedaan, en na een gebed door Ds. Conradie, scheidde men met tranen van elkander."

**4. Ds. Conradie as Volkskrywer.** — Ds. Conradie is 19 Mei 1857 in Murraysburg gebore. Daar het hy onder professor Kyd sy eerste skooljare deurgemaak. Later het hy by die beroemde Hollander, Mnr. M. J. Stucki van Blaauwvallei, distrik Wellington, sy opleiding voortgesit, in 1878 gematrikuleer, en eindelik in Stellenbosch (1882 — 1885) sy studies voltooi. Sy standplase was Namakwaland (1886 — 1895), Sutherland (1895 — 1904) en Somerset-Wes (1904 — 1912). Op 15 Julie 1912 het hy weens swakke gesondheid sy emeritaat aanvaar en op 9 Januarie 1925 is hy aan sy woning in Somerset-Strand na 'n lang lyding aan hart- en senuweeverswakking, tot hoër diens opgeroep. Hy was 'n man met 'n waardige lewenswandel, wat nie alleen die Kerk in 'n enger sin maar ook sy volk as skrywer op 'n breër terrein gedien het. Mnr. Nico Hofmeyr, wat hom goed geken het skryf: „Letterkunde was van jongsaf aan sy lieflingsvak, en hy het tot aan sy dood toe lange passasies uit die werke van sy geliefde dichters — Ten Kate, Bilderdyk, Da Costa, Ter Haar en De Genestet kon opsê en ongemerk het dié digters 'n geweldige invloed op die jonge, digterlike, begaafde student uitgeoefen." Ons het reeds melding gemaak van sy eerste pennevrug, „Ondervindingen van 'n Jonge Predikena in Namakwaland." Dit was in Nederlands in die vereenvoudigde spelling gestel, wat ook die geval was met sy volgende boekie. Die „Ondervindingen" het vroeër reeds as los sketse in *De Volksbode* verskyn, en hierdie blad bevat ook baie ander stukke van Ds. Conradie uit die tyd van sy verblyf in Namakwaland. Natuurlik was volgens die gebruik van die dae Nederlands die skrywer se enige medium en tog het daar toe reeds diep in sy siel gesluimer 'n sterk voorliefde vir die Afrikaanse taal, soos blyk uit die volgende aanhaling uit een van die *Volksbode*-artiekels in die jaar neëntig:—

[37] *De Kerkbode*, 15 Oktober 1895, pag. 660.

„Niettegenstaande al ons dweepen met Nederlandsch zullen wij ons volk, van de wieg tot aan het graf, die taal nooit met bevalligheid, losheid en zwier kunnen spreken of schrijven. Mijne leermeesters weten welk eene hartstochtelijke liefde ik steeds voor de Engelsche zoowel als voor de Hollandsche taal en letterkunde aan den dag gelegd heb. Ik bemin ze als volwassene, krachtvolle vrienden. Doch al dien tijd was er diep in mijn hart verscholen, een teeder, zwak kindjie, met verscheurde kleederen en een vuil gezicht, zooals elk woelig kind er uitziet. Daar zit levenskracht in dat mishandelde en verwaarloosde kind, anders was hij reeds lang ter ziele. Dat verachtte kind is mijn lieveling, al wordt hij door de meesten mijner vrienden als te gemeen voor een fatsoenlijk gezelschap beschouwd. Hij is nog te klein om mij veel te helpen. Ik moet mij dus nog met de twee sterke vrienden vergenoegen; doch waar ik mijn troetel-kind gebruiken kan, daar doe ik het met de trotschheid van een vader. Hij zal groot worden en de plaats van de vreemde vrienden innemen, in onze harten, in onze huizen, op onze kansels. Zijn naam zal zijn, ‚De Afrikaanse Taal'!"

Is dit nie pragtig en treffend gesê nie en dit nogal van 'n man wat 'n literator kan genoem word, wat Nederlands goed geken en mooi gehanteer het. En hy het hierdie pleidooi gelewer toe kampvegters vir Afrikaans weinig en die taal self in versmaadheid was. Dog Conradie was nie net 'n man om mooi pleidooie te lewer nie. Hy het die daad by die woord gevoeg toe in 1913 sy onsterflike *Kinderbybel* (in Afrikaans geskrywe) op die toneel verskyn het. Tot in lengte van dae sal die Afrikaanse volk gebruik maak van hierdie Afrikaanse Kinderbybel, wat vir hom onder ons 'n ewe roemryke plek verwerf het as die Kaapse Kinderbybel van wyle Professor John Murray by 'n vroeër geslag.

Ons dank God vir die geseënde nagedagtenis van Ds. Conradie en bid sy nageblewe eggenote, wat 'n dogter is van wyle Dr. Pronk van die Paarl, en vir hom sulk 'n waardige lewensgesellin was, die voortdurende ondervinding van Gods lieflike nabyheid toe!

## VI. — DIENSTYD VAN DS. W. S. E. RÖRICH, 1897 — 1908.

Na die vertrek van Ds. Conradie het daar weer 'n lang vakature gevolg wat skadelik was vir die welsyn van die gemeente — te skadeliker omdat dit juis 'n tyd van ongekende

droogte was. Eerw. M. Dönges van Concordia verklaar dat 1895 in sy vyf-en-twintigjarige ondervinding die strafste jaar in Namakwaland was. Hy het die droogte genoem „een Godsgericht want de zonden en gruwelen op zedelijk en godsdienstig gebied schreeuwen ten hemel, en men behoeft geen profeet te wezen om te zeggen dat Gods oordeelen nog scherper zullen treffen als de inwoners niet op hunne borst slaan en zich bekeeren van harte tot Hem die Zijne zware hand op hen gelegd heeft.'' Mnr. G. Genis het getuig „dat hij nog nimmer zoo ten einde raad was.'' Daarby voeg hy: „De man die onder bestaande omstandigheden den herderstaf in Namaqualand aanvaardt, moet een onwrikbaar geloof bezitten en bereid zijn zich veel zelfopoffering te getroosten, en teleurstellingen het hoofd te bieden.'' Blykbaar was daar nie sodanige man te vind nie, want beroep op beroep is van die hand gewys. Uiteindelik is die vorige leraar, Ds. Conradie, teruggeroep, dog hy het nie vrymoedigheid gevoel om sy nuwe gemeente so spoedig weer te verlaat nie. In die middel van 1897 is 'n beroep uitgebring op Ds. W. S. E. Rörich, wat die konsulent, Ds. R. H. T. van de Meulen 'n tydlank behulpsaam was met die bearbeiding van die vakante gemeente. Hy was reeds in 1888 gelegitimeer, op 10 Maart 1889 as hulp-prediker te Dordrecht georden en enige jare (1894 — 1897) in die Johannesburgse Compounds werksaam, dog hy het nog nooit 'n eie gemeente gehad nie. Hy het dus gewilliglik die beroep na Namakwaland aangeneem en op 4 September 1897 is hy deur die konsulent op Garies bevestig waar hy ook gewoon het. Hy het sy bes gedoen in en vir die gemeente en te oordeel na die oorvloedige en uitvoerige berigte wat etlike jare lank gereeld in *De Kerkbode* verskyn het, was sy arbeid geseën. Hy het volgens die beskrywings duisende myle dikwels in 'n ope kar afgelê en op alle moontlike plekke godsdiensoefeninge gehou en die verstrooide kudde besoek. Veral het hy hom beywer om die kerkgebou op Springbok wat in puin gelê het te herstel, wat ook in 1899 geskied is. Ds. Rörich was na die afstigting van Garies op Bowesdorp woonagtig en het in die gemeente gearbei tot 27 Januarie 1908 toe die band tussen haar en hom deur die Ring van Clanwilliam losgemaak is. Hy kon iets mooi beskryf. In „Het Zuid Afrikaansche Jaarboek'' van 1906 verskyn van hom 'n treffende beskrywing ven „De Oranje Rivier of Gariep,'' wat nogal tintel met digterlike beskouinge waar hy praat van „Meedogenlooze Ichthyophagisten,'' van Zeegans, kropgans, waterhoen, zeeduiker, meeuw, reiger, flamingo, snip — loopend, zwemmend, vliegend, duikend, vechtend — en alle gelijktijdig schreeuwend en piepend zooals ze gebekt zijn.'' Neptunus spreek hy as volg aan: „Boosaardige, zindelijke zeegod! begeert uwe doorluchtige

majesteit dan geen offer dezer wereld! Voorwaar de rijkdom baart opgeblazenheid en verachting." Die stuk eindig aldus: ,Prachtige betooverende, afgrijzelijke natuurtooneelen! Onschuldige jolige vischjes! Moordadige verhongerde vogels! en de nimmer rustende Zee! Hoe groot zijn Uwe werken, o Heere!

Welk een leven van genoegen,
biedt 't tegenstrijd'ge aan!
Welk een schat van heilge lessen,
blijft steeds ongekend bestaan."

Ds. Rörich het voorts geschrijf 'n klein brosjure getietel „Hoek der Verwachting" wat eintlik 'n bewerking van die Engelse uitgaaf *Expectation Corner* was. In sy boek *Op God Wachten* maak Dr. Andrew Murray melding van die Hollandse bewerking van Ds. Rörich. „Dit lê nadruk," sê Dr. Murray „op een van de meest onmisbare deelen van het wachten op God — namelijk het vast vertrouwen — mijn God zal mij hooren."

Ds. Rörich is 25 Februarie 1929 in die Vrystaat oorlede.

## VII. — TWEE DOGTERGEMEENTES.

1. **Garies.** — Hierdie dorpie lê omtrent halfweg tussen van Rhynsdorp en Ookiep. Die naam beteken *kweek*, waarskynlik omdat daar dig by die oewer van die rivier in goeie jare soms mooi tuine en dan ook oorvloed van kweek is. Omtrent 1880 het die destydse eienaar van die plaas, Mnr. H. Rossouw, wat toe ouderling was, 'n paar erwe verkoop met die oog op dorpstigting, en toe reeds was daar sprake om daar 'n hulpkerk te bou. Toe die teologiese studente Botha en Muller in 1882 daar op besoek was, was dit baie droog hoewel daar tog genoeg water in de put was „om met behulp van een pomp door een paard getrokken den tuin te besproeien." Hulle skryf verder: „Deze plaats is zoo gelegen dat een aanzienlijk aantal menschen de kerk alhier kan bezoeken." Dog die kerkgebou het eers gedurende die ywerige bediening van Ds. Conradie tot stand gekom. Reeds in 1889 was daar sprake van die afstigting van Garies van die moedergemeente en daartoe het die Ring die predikante W. Murray (Worcester) en G. F. Marais (Ceres) afgevaardig met die oog op beter bearbeiding van die Agterveld en om ondersoek te doen na „de wenschlijkheid om een tweede gemeente in Namaqualand te stichten."[38] Hulle het later Ds. J. C. Truter, destyds van Calvinia by-

[38] *De Kerkbode*, 17 Mei 1889, pag. 154.

gekry en die hele lang pad met 'n klein perdewaentjie afgelê en op alle moontlike plekke godsdiensoefening gehou, soos b.v. Calvinia (vir blankes en gekleurdes), Kamdanie, Loeriesfontein, Garies, Bowesdorp, Springbokfontein (vir Afrikaners en Engelse), Pella (doopsbediening), Goein'oep Diamantrivier, Namies, Pofadder, Nans, Koegap, Brabies, Rooipad. Van die reis en besoek het Ds. Marais geskryf: „Het bezoek werd op hoogen prijs gesteld door diegenen die wij bereiken konden." Aan die einde van die reis het die Kommissie in vereniging met 'n dergelike kommissie uit die Ring van Beaufort op Kenhardt 'n nuwe gemeente gestig (18 Mei 1889). Dog van 'n verdeling van die gemeente Namakwaland in twee het vereers niks gekom nie. „Het groote bezwaar was dat het niet mogelijk zal wezen twee predikanten te onderhouden." Ook was dit moeilik om te bepaal watter plekke die middelpunte van die gemeentes in geval van afstigting moes wees. Die vorige predikant het op Bowesdorp gewoon en Ds. Conradie het Garies gekies. Eers baie jare later, in 1904, is Garies afgestig.

**2. Pofadder (vroeër gemeente Namies).** — Namies het as pagplaas aan Mnr. Jan Visser behoort, en Pofadder, 'n ander pagplaas aan sekere heer Corbeau. Die bowegenoemde Kommissie het tydens hul besoek in hierdie geweste meer as op ander plekke gevoel „hoe noodzakelijk het was Namaqualand tot twee gemeenten te verdelen."[39] Maar die besware was skynbaar onoorkomelik. Hulle het op Namies' godsdiensoefeninge gehou en die sakramente bedien, dog aan Pofadder het hul as kerkplaas die voorkeur gegee. „Toen wij te Pofadder aankwamen zagen wij in die plaas net wat wij verlangen. Er is standhoudend water en zij is zeer verkieslijk gelegen."[40] Maar ook in hierdie geval het die kerklike outoriteite hulle langsaam gehaas. Eers in 1912 het die stigting van die gemeente Namies plaasgevind. Die Sinode van 1928 het toegestem tot verandering van die offisiële naam van die gemeente Namies na die van Pofadder. Die teenswoordige predikant, Ds. P. W. Eksteen, woon op Pofadder. Namies was jarelank een van die afgeleënste kerkplase van Namakwaland. In die tyd van Ds. Conradie is daar 'n kerkgebou opgetrek dog hy skryf: „Acht jaren lang hield ik de godsdienst in de grote tent van de heer Visser. De gevel van die tent wordt opgeligt en twee grote tentwagens worden overlangs daarvoor getrokken. Dan heb je een lange Kerk ,en dan kan je heerlijk preken."

---

[39] *De Kerkbode*, 7 Junie 1889, pag. 178.

[40] Idem.

Na die vertrek van Ds. Rörich het dit maar weer swaar gegaan om 'n vaste predikant vir Namakwaland te kry. En die vraag verrys: Waaraan was dit toe te skryf dat proponente en predikante so huiwerig was om soontoe te gaan? Miskien was vrees of ook onkunde omtrent die ware toestand van sake die oorsaak. Ds. G. F. Marais van Ceres wat die geweste in 1889 besoek het, skryf: „Waar het vandaan kwam zal misschien moeilijk te zeggen zijn, maar er bestond in mijn studietyd de meening dat het zulk eene opoffering moet zijn om in Namaqualand predikant te zijn. Onze bevinding daar heeft dit echter gelogenstraft. Het land is gansch niet onaantreklijk — de schilderij van „een zandwoestijn aan malkaar" is niet juist — en de bewoners hebben ons alle vriendelijkheid bewezen. De komst van een Evangeliedienaar is hun een welkome gebeurtenis Geen proponent hoeft te denken dat het zulk een daad van zelfverloochening zal zijn in Namaqualand te arbeiden. Hij zal veel aantreffen dat hem het leven en het werk veraangenamen zal."[41]

Maar hierdie nodige opwekking, nogal van 'n man soos Ds. Marais het niks gebaat nie. Beroep na beroep is in 1908 van die hand gewys. In die tyd het die predikante Di. John Murray en A. D. Lückhoff die gemeente herderlik besoek en was die sendelinge E. H. van Biljon en W. Smith ook as hulppredikers werksaam.

Ds. Lückhoff veral het ontsettend baie vir Namakwaland gedoen, waarom hy dan ook in die wandeling dikwels die apostel van Namakwaland genoem word Op verskillende afgeleë plekke en boereplase het hy baanbrekerswerk gedoen of laat doen op die gebied van onderwys en opvoeding. Dit sou interessant wees om te weet hoeveel male hy Namakwaland „gedoorkruis en gedoordwars" het (soos 'n Namakwalandse sendeling Eerw. Krönlein gewoon was om dit uit te druk), en hoeveel duisende myle hy daar „gou en ver gery" het. Hy was verantwoordelik vir die stigting van 'n groot aantal skole en koshuise, en vir die plaatsing van 'n aantal onderwysers wat hulle werk in die geweste gemaak het. Onder die onderwysers noem Ds. Lückhoff self die naam van Eerw. A. H. van Biljon as een van Suid-Afrika se beste seuns. Hy het op Namies gearbei en daar kostelike fondamentwerk gedoen, waarop tot vandag toe voortgebou word. Ds. Lückhoff het 'n paar waardevolle brosjures oor Namakwaland geskryf, was drie jaar lank die Prowinsiale raadslid van die afdeling en doen nou as Algemene Sekretaris van

[41] *De Kerkbode*, 28 Junie 1889, pag. 202.

die Armesorg van die Ned. Ger. Kerk 'n groot en goeie werk vir en in die Kaapprovinsie.

Kragtige pleidooie is in die kerk- en nuusblaaie gepubliseer — die konsulent, Ds. J. A. Viljoen van Garies, het gekla dat dit hom onmoontlik was albei die gemeentes te bedien — Ds. W. de Wet van Piketberg het aangebied tydelik na Namakwaland te gaan as 'n ander predikant sy plaasvervanger wou wees. Dr. B. J. Haarhoff het op 14 Augustus 1909 van O'kiep o.a. geskryf:

> „Hier in de Namaqualand wereld ligt een probleem voor onze Kerk. Het is bijna dwaas om te spreken van een *gemeente* van Namaqualand. Denk aan een oppervlakte 170 bij 140 myl en gij hebt het Namaqua*land* voor u. Overal zijn menschen. Hoe zullen zij bereikt worden? Hoe zullen zij geregeld het Woord des Levens hooren? Kan één man dat doen? Voor wiens rekening zijn de blanke mede-Afrikaners zoo herderloos, zoo onbearbeid?''[42]

In 'n later stuk het dieselfde skrywer gesê:

> „Stelt u voor dat de gemeente Namaqualand reeds twee jaren herderloos is en dat het van den Consulent verwacht wordt om het Evangelie te prediken aan blanke mede-Afrikaners, verspreid over 175,000 vierkante mijlen' Waarlijk een toestand van zaken, die onze Kerk, onze Synode ter harte moet gaan.''[43]

Dog niks het gebaat nie. Eers teen die end van 1909 het Ds. J. A. R. du Toit, hulpprediker in De Paarl, 'n beroep wat vir die twede maal op hom uitgebring was, aangeneem.

## VIII. — DIENSTYD VAN DS. J. A. R. DU TOIT, 1910—1918.

1. **Arbeid.** — Ds. Jacobus Arnoldus Retief du Toit is 26 Julie 1880 op die plaas Uitkoms in die distrik Graff-Reinet gebore, het sy opleiding tot die Evangeliebediening aan ons Kweekskool ontvang, en is in 1907 gelegitimeer. Terwyl hy nog gestudeer het, het die Twede Vryheidsoorlog uitgebreek, waarop hy gerebelleer en by die Boeremagte aangesluit het. Na aan sy geboorteplek het hy egter later in die hande van die vyand geval en is toe as Krygsgevangene verban. By die sluiting van vrede het hy na die Kweekskool op Stellenbosch teruggegaan

[42] *De Kerkbode*, 26 Augustus 1909, pag. 415.
[43] Idem, 16 September 1909, pag. 484.

en sy studies voltooi. Op 12 Junie 1908 is hy as hulpprediker van die gemeente Paarl georden. Sy bevestiging op Bowesdorp het plaasgevind 12 Februarie 1910. Behalwe die konsulent (Ds. J. A. Viljoen) het aan die plegtigheid deelgeneem Ds. C. W. Alheit, destyds van Brandvlei, en Ds. A. D. Lückhoff. Die konsulent het die bevestigingsrede gehou oor Jesaja 40:11 en die bevestigde sy intreerede oor Richteren 3:20. Ds. du Toit het verkies om Springbokfontein tot sy woonplaas te maak aangesien dit die hoofdorp van die distrik is. Daar was egter geen pastorie nie, want Ds. Hauman het op sy eie plasie, Matjeskloof, naby die dorp gewoon, en ongelukkig was die plek in Roomse hande oorgegaan. In 1910 is daar toe op Springbok 'n gebou aangekoop wat as pastorie gedien het.

Ds. du Toit het ruim ag jaar lank in die gemeente 'n geseënde werk gedoen. In hierdie verband gewaag Ds. Lückhoff êrens * van die „toegewyde, getroue en deeglike Ds. du Toit." Gedurende sy bediening is Namies (nou Pofadder) in 1912 tot 'n selfstandige gemeente verklaar. Hy het ook 'n aanvang gemaak met die gereelde bearbeiding van 'n aantal bastard famielies in Boesmanland, wat jare lank aan hulle self oorgelaat was. Op die plaas Kamiebees, wat aan een van hulle, Josef Cloete, behoort, is sedert 1914 ook die sakramente eenmaal in die jaar bedien. Op nie minder as nog ses ander middelpunte van die gemeente is die sakramente in hierdie tyd bedien geword nie. Ds. du Toit getuig êrens van die troue hulp wat die Broeder Pieter Malan hom verleen het. En daar die broeder nog steeds sy geseënde evangeliesasiewerk in die gemeente voortsit en reeds oud geword is in die diens van die Heer verdien hy spesiale vermelding wat ons hom ook op bladsy 59 gee.

**2. Boodskap vir die Feesviering.** — Ds. du Toit het in 1918 'n beroep aangeneem na Marydale, K.P. Vandaar is hy gegaan na Dealesville vanwaar hy die volgende boodskap vir die feesviering gestuur het:—

> Geliefde Gemeente, — Met innige genoë het ek kennis geneem van u voornemens om u tagtigjarige bestaan as gemeente feestelik te vier. Van harte wil ek u geluk wens met die onderneming en wil ek vertrou dat die feesviering een volslae sukses sal wees. Ek dink nog altyd met innige dankbaarheid terug aan die iets meer dan ag jaar wat dit my voorreg was om u as herder en leraar te dien. Dit was vir my en famielie gelukkige jare. Die vriendelikheid, gas-

* In sy pamflet: „Een Toer door Namakwaland" (1919).

vryheid en liefde wat ons onder u geniet het, bly ons nog altyd helder voor die gees. Na ons vertrek uit u midde het ons al dikwels weer verlang na die geleentheid om ons te kan verlustig in die blommeprag van Namakwaland, en om te kan geniet die liefde van so veel ou vriende. U bly vir my nog altyd die gemeente van my eerste liefde. Sedert my vertrek uit u midde het ek nog altyd met u in die gees gedeel in u vreugde en in u leed. Met innige vreugde het ek van tyd tot tyd kennis geneem van die gesonde groei van die gemeente. Waar u die tagtigste mylpaal in u geskiedenis bereik het, hou ek my daarvan oortuig dat daar uit vele harte diepe dankbaarheid opstyg tot die Koning van die Kerk wat u met soveel getrouheid en liefde gelei het op u weg. Mag die onbekende toekoms vir u nog veel heil en seen meebring. Mag die liewe Heer gee dat daar nog baie kosbare diamante uit die boesem van die gemeente gevind sal word wat sal skitter in die kroon van ons dierbare Heer en Heiland. Waar u met die oog op die verlede u Eben-Haëzer oprig wil ek u met die oog op die toekoms toeroep: Gaan moedig voorwaarts, siende op Jesus Kristus ons owerste Leidsman. Met hartlike groete en innige seënbede,

U Oud-leraar en Vriend,

*J. A. R. du Toit.*

Die Pastorie,
Dealesville.

* * *

Kort na die ontvangs van hierdie boodskap is Ds. du Toit plotseling op Dealesville op 4 Augustus, l.l., aan hartverlamming oorlede. Die gemeente Namakwaland deel met innige meegevoel in die droewige verlies van die agtergeblewene weduwee en haar vyf kinders, en bid hulle almal Gods rykste vertroosting.

Na die vertrek van Ds. du Toit het die gemeente gelukkig nie lank vakant gebly nie, want tot haar blydskap het Dr. Steenkamp van Nieuwoudtville nog dieselfde jaar (1918) 'n beroep op hom uitgebring aangeneem.

## IX. — DIENSTYD VAN DR. W. P. STEENKAMP, 1919 — 1923.

**1. Opleiding en Eerste Standplase.** — Dr. Willem Petrus Steenkamp is 14 Februarie 1879 op die plaas Elandsfontein, in die distrik Calvinia, gebore. Na voorbereidende studie te Wellington en Stellenbosch en na aflegging in 1896 van die matrie-

kulasie-eksamen, is hy in 1899 tot die Kweekskool toegelaat en in 1902 gelegitimeer. Sy eerste werkkring was in die gemeente Dutoitspan, waar hy 17 April 1903 georden is as hulpprediker. Nog dieselfde jaar is hy in dieselfde betrekking na Pretoria gegaan, waar hy werksaam was tot 1906, toe hy 'n beroep aangeneem het na Ermelo en daar as herder en leraar bevestig is. Die volgende jaar is hy vir verder studie in die Teologie na Glasgow en Berlyn en na die Vrye Universiteit te Amsterdam, waaruit hy op 29 April 1910 gepromoveer het as doktor in die godgeleerdheid op 'n akademiese proefskrif oor Die Agnosticisme van Herbert Spencer. Die proefskrif was in Afrikaans gestel en in hierdie opsig was Dr. Steenkamp 'n baanbreker, aangesien hy die eerste Afrikaner was wat 'n wetenskaplike proefskrif in sy moedertaal geskryf het. Wel, sê hy in die voorwoord, het hy daarvoor teruggedeins „omdat daar nog nooit 'n wetenskaplike werk in Afrikaans geskrywe was nie en die nomenklatuur dus hier en daar opnuut moes gemaak word.'' Tog skryf hy verder: „Ek het dit gedaan uit nasionale selfrespek, uit die drang tot nasionale self-behoud, uit nasionale pligsbesef en nasionale trots.'' Hier is 'n betreklik jong man aan die woord en toe reeds, in 1910, het alles wat betrekking het op die ware, egte nasionalisme en patriotisme 'n warm plek in sy hart gehad. Geen wonder dat hy daarvoor later baie opgeoffer het en swaar moes ly nie. Teruggekeer in sy vaderland is hy 1 Oktober 1910 bevestig as leraar van die gemeente Nieuwoudtville. Die gemeente het gebuk gegaan onder die ondraaglike skuld wat oor die £12,000 bedra het. Sy het egter onder die seënende hand van God en onder leiding van haar leraar binne drie jaar tyd die groot skuld geheel afbetaal. Dr. Steenkamp het toe reeds blyke gegee dat hy op meesterlike en takvolle wyse mense kon beweeg om vir 'n verdienstelike saak ruim by te dra. In hierdie verband mag vermeld word dat hy £21,066 vir die Universiteit van Stellenbosch en oor die £5,000 vir die Volkshospitaal te Kaapstad ingesamel het.

2. **In Namakwaland.** — Dr. Steenkamp se bevestiging het 24 Januarie 1919 onder blyke van buitengewone belangstelling op Springbokfontein plaasgevind. 'n Stoet van ongeveer 120 karre en waens benewens 'n vyftigtal ruiters was hom die vorige dag, sowat drie myl van Bowesdorp tegemoet gegaan. Die bevestigde se intreerede was na aanleiding van 1 Kor. 13 vs. 6 en is in druk uitgegee. Daaruit haal ons die volgende paragraaf aan waaruit blyk waarom Dr. Steenkamp na Namakwaland gekom het: —

„Nu wat denkt gij dan, waarom heb ik het beroep aangenomen? Mijn antwoord is, omdat Namakwaland door